# WAARHEID & DWALING

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL


1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

# Totsiens

Die redaksie het aan my die versoek gerig om die laaste redaksionele artikel van *Waarheid en Dwaling* te skryf. Die bestuur van die *Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel* is genoodsaak om te besluit dat daar nie verder met die uitgawe daarvan voortgegaan kan word nie. Die rede vir die beëindiging word elders vermeld. Deur die genade van die Here kon hierdie tydskrif al langer as 'n dekade leesstof in menige gereformeerde huis verskaf. Gun my daarom die geleentheid om vanuit 'n perspektief van verlede, hede en toekoms 'n paar gedagtes oor *Waarheid en Dwaling* te wissel.

## Verlede

*Waarheid en Dwaling* het in 1994 onder die Gereformeerde Persvereniging Veritas die lig gesien. In die jaar 2000 is die *Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel* opgerig. Sedertdien het *Waarheid en Dwaling* as mondstuk van dié vereniging verskyn. In die vroeë jare negentig het in ons samelewing, maar ook in ons kerke steeds meer winde van verandering begin waai. Dit het baie gelowiges met kommer in die hart gelaat. As jong lidmaat van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan ek nog onthou hoe daar op verskeie vlakke druk gesprekke gevoer is oor al die dinge wat in ons kerke en in ons land verander. In hierdie tye is daar gegis, bespiegel en beplan oor die redes en die pad vorentoe. Eendag het ek 'n paar artikels gelees wat in hierdie tydskrif gepubliseer is. Duidelik is daar nie net antiteties nie, maar ook teties, sake wat vir ons kerke en ons samelewing van belang is, aangespreek. Die Here gebruik sy diensknegte om die waarheid van sy Woord ook deur hierdie medium te verkondig.

## Hede

Die druk gesprekke oor al die dinge wat verander het, het nog nie opgehou nie. Daar is steeds baie brandpunte waaroor kommer bestaan. Ons staan in die midde van kerklike kwelvrae en sosiale vraagstukke.

Die winde van verandering waai steeds en op sommige plekke meer verwoed, maar deur die genade van die Here het daar verskeie ander tydskrifte en e-tydskrifte die lig gesien. In die loop van die jare het daar heelwat ontwikkeling plaasgevind, veral betreffende elektroniese tydskrifte wat op die internet beskikbaar is. Die stem van God se Woord deur die wêreld en alle mediums heen sal dus nie in hierdie omstandighede stilgemaak word nie.

## Toekoms

Nou gaan ons die toekoms in. In die posbus sal daar nie meer 'n *Waarheid en Dwaling* kom nie. Beteken dit dat 'n stryd verlore is? Beteken dit dat ons verswak die toekoms in moet gaan?

Nee. Die mens wik maar God beskik. Hy bepaal tye en geleenthede. So gaan ons die toekoms in met sy Woord. Menslike geskrifte sal nie vir altyd bestaan nie. Tydskrifte sal kom en gaan, maar die Woord sal bestaan tot in ewigheid. Daardie Woord sal nie stil word nie, want selfs die klippe sal dit uitroep.

Ons word geroep om hierdie Woord tydig en ontydig te verkondig, vandag en môre. Waar die een stem stil word sal die volgende stem die helder evangelie uitbasuin. Daarom is ons hartseer om totsiens te sê, maar ons het steeds hoop. Dwarsdeur die winde van verandering en dwalings sal ons vir die toekoms steeds ons oog op Christus en die waarheid van sy Woord hou.

*C Jooste*

## INHOUD


1 Redaksioneel
**Totsiens**
2 Skrifoordenking
**O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!**
*Dr LM Erasmus*
3 **Van die redaksie**
4 Fokus
**Dobbelsteen-dogmatiek – hoera of halleluja?**
*Dr ALA Buys*
7 **100% God se Woord en 100% mens se woord?**
*Ds C Jooste*
9 Kerkerf
**Selfstandigheid op die sendingveld**
*AP Bezuidenhout*
11 Aktueel
**Evolusie in die lig van die woord van God**
*Prof PH Stoker*
14 **Die aanloop en die afskop**
*Prof LF Schulze*
17 Uit die geskiedenis
**Kultuurontwikkeling in die kerk**
*Dr JM van Tonder*
22 Persskou
*M Diedericks*

**Dr LM Erasmus,** Pretoria

# O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!

## Psalm 8

Psalm 8 is 'n bekende en geliefde Psalm. Die begin en die einde bevestig dat dit hier oor die lof aan die Here God gaan: 'O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!' (verse 2a en 10). Nie alleen die wonder van die skepping, die maan en die sterre getuig van sy majesteit nie. Ook uit die mond van kinders en suigelinge word sy lof verkondig.

In verse 4 tot 9 hou die lof aan God verband met die besondere posisie wat aan die mens in die skepping toegeken word. Vir 'n oomblik voel dit amper asof alle sonde en vyandskap teen God en alle kwaad in die wêreld in die vergeethoekie geplaas kan word. Maar in vers 3b lees ons van teëstanders, die vyand, die wraakgierige. Ons wil meteens die vraag vra: Hoe kan daar in so 'n verhewe, byna goddelike taal oor die mens gepraat word, terwyl die digter terselfdertyd weet hoe diep die mens in sonde geval het?

## 'Hemel' teenoor 'aarde'

Verse 2a en 10 is die 'motto' wat hierdie Psalm as't ware omlys. Die tema van Psalm 8 is dus die lofprysing wat die glorie van die Here oor die ganse aarde besing. Dan duik die vraag op: Is dit wel die geval? Is die hele aarde 'n loflied tot eer van sy Naam? Miskien wel die hemel. Maar die ganse aarde? Uit verse 2b en 3a kan dit lyk asof alles rus en vrede uitstraal, in die hemel en op die aarde. In vers 3b hoor ons egter van God se teëstanders, magte van die kwaad wat die skepping bedreig. Met 'vyand' en 'wraakgierige' moet ons dink aan diegene wat teen God opstaan en wat weier om van sy genade te lewe – dit is hulle wat wraak begeer.

Hiermee is die probleemstelling wat Psalm 8 aan die orde stel duidelik. Hoe moet ons dit beoordeel? Is die hele kosmos 'n teken van God se glorie? Of loop daar 'n diep kloof tussen God se glorie in die hemel en die kwaad wat op die aarde voortwoeker? Die sterrehemel kan indrukwekkend mooi wees. Maar hoe is dit met die aarde gesteld? Juis daarom kan die bange vraag by die mens opkom: Is God in al sy majesteit nie ver weg nie? So ver soos die sterre en planete? En, moet ons nie maar op aarde ons weg vind as die speelbal van die mag van die kwaad om ons en in ons nie?

## 'Uit die mond van kinders en suigelinge'

Luister ons goed na Psalm 8, kry ons alreeds in vers 3a iets van 'n antwoord op die vrae wat hierbo gevra word. Tussen die betuiging van God se heerlikheid in die hemel en die vermelding van die kwaad wat op die aarde woed, hoor ons alreeds dat die Here 'uit die mond van kinders en suigelinge' sy sterkte gegrondves het. Wat hoor ons hier in God se geopenbaarde Woord? Dat die Here uit die mond van kinders en suigelinge 'n sterk vesting teen die kwaad vorm. Hy grondves dit. Grondves beteken dat Hy dit vas in die aarde plant. Hy skep 'n kragtige bolwerk om die stem van vyande, teëstanders en wraakgieriges stil te maak. Hy doen dit uit die mond van kinders en suigelinge. Hoe swak is laasgenoemde tog nie? Wat is swakker as kinders en suigelinge? As gevaar dreig, is hulle die eerstes wat op die vlug moet slaan. Hoe kan God uit die swakkes 'n sterkte bou?

Om dit te kan begryp, moet ons begryp wie God is. Hy is die Here, wat nie die hulp van mense nodig het nie. Hy is die Here God wat uit die mond van die allerkleinste 'n bruikbare, kragtige instrument vorm van waaruit Hy die wêreld oorwin. Die krete van kinders en suigelinge sal God se vyande die mond snoer.

Op hierdie moment moet ons dadelik dink aan Hebreërs 2:6-9. Psalm 8 staan in verband met Christus. Met die blote oog kan ons nie sien dat alles in die wêreld aan Christus onderwerp is nie. Tog het God sy Koninkryk in Christus gevestig. Hy kom as 'n kind in die wêreld in – so het die herders hom gesien; 'n kind wat onmiddellik deur Herodes vervolg is. Tog, deur hierdie Kind, deur sy swakheid en sterwe aan die kruis, is die vyande en die wraakgieriges wat deur God in genade uitverkies en verlos is, met God versoen.

## 'Wat is die mens dat u aan hom dink …'

As ons insien wat in verse 2-3 gesê word, kan ons ook die uitroep van vers 5 begryp: 'Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?' Ten spyte van menslike vyandigheid en wraakgierigheid, bemoei God hom juis met die mens. Hy dink aan die mens en sien na die mens om. Hierin sien ons God se genadige liefde en sorg, sy diepe barmhartigheid; dat Hy bemoeienis maak met die mens wat hom van nature van God wil losruk. Vir die digter van Psalm 8 is dit byna 'n onvoorstelbare wonder. Die Here God gee die mens nie

prys aan die bose nie. Deur die swakheid van sondige en nietige mense rig God sy Koninkryk op aarde op. Aan die kruis word die gevalle mens met God versoen.

### 'U laat hom heers ...'

God se plan met sy skepping gaan deur. Hy gee sy bedoeling met die mens nie op nie. Hy dra sorg daarvoor dat die wêreld nie prysgegee word aan die sonde en die kwaad nie, deurdat Hy die mens opnuut in diens neem. Die mens wat leef van die diepe barmhartigheid en genade van God kan en mag weer heers en aan God se opdrag gehoorsaam wees. Nie meer los van God nie, nie meer in eie krag nie, maar slegs in gemeenskap met Hom, die Opdraggewer. Hy roep die mens tot diens, en Hy voleindig ook sy werk in en deur die mens. Hiermee word 'n beslissende uitspraak gemaak oor die manier waarop die mens heers. Die mens heers as dienaar – op geen ander manier nie. Diensbaar aan God, sodat die ganse skepping aan die Skepper se doel sal beantwoord.

In die jaar 2010 kan seker aangetoon word hoedat die kwaad in soveel opsigte nog in die wêreld werksaam is. Is die boosheid besig om ongehinderd voort te gaan? Ons enigste troos is dat die Here wat die hemel en die aarde gemaak het, wat uit die mond van kinders en suigelinge sy sterkte gegrondves het, niemand minder is as die Almagtige nie. Ons mag oor die hemelse majesteit van God nie op 'n aardse manier dink nie (Heidelbergse Kategismus, Sondag 46). Dit hou in dat ons al ons geestelike en liggaamlike behoeftes voor die Almagtige God, wat in Christus ons Vader is, in gebed mag neerlê. Juis waar dit na menslike oordeel en insig lyk of alles in teëspraak kom met die almag van God, juis op daardie punt mag ons opnuut bely: 'o HERE, onse Here, hoe heerlik is U Naam op die ganse aarde'!

# Van die redaksie

### Staking van uitgee van tydskrif *Waarheid en Dwaling*

In die redaksionele artikel het u kennis geneem van die besluit van die VGL-bestuur om die uitgee van sy tydskrif *Waarheid en Dwaling* te staak. Die bestuurslede van die VGL verrig hierdie taak uit liefde, bykomend tot hulle gewone daaglikse verpligtinge. Diegene wat op die redaksie van Waarheid en Dwaling dien, verrig ook nog al die bykomende verpligtinge om die tydskrif saam te stel en uit te gee. Daar is al oor die afgelope jare verskeie planne probeer om voortsetting moontlik te maak. Omstandighede het egter so verander dat die radikale besluit om die uitgee van die tydskrif te staak, noodgedwonge geneem moes word.

Die VGL as vereniging bly egter voortbestaan en wil graag voortgaan om jaarliks byeenkomste oor aktuele sake te reël. Op hierdie wyse sal steeds getrag word om gelowiges verder toe te rus vir 'n lewenswandel ooreenkomstig Bybelse waarhede soos in die gereformeerde belydenis vervat.

Die bestuur meen die impak van die verlies van die tydskrif word versag deur die wete dat daar oor die afgelope jare ook ander tydskrifte met soortgelyke doelstellings ontstaan het. Vir u inligting word die name van enkeles vervolgens verskaf: *Vox Viva* (www.gereformeerdebiblioteek.co.za), *Kompas* (http://kompas.vgk.org.za), *Die Kelkiewyn* (www.kelkiewyn.za.net). Dan ook vanuit Kanada in Engels, *Clarion* (www.premierpublising.ca) en in Nederland *Nader Bekeken* (www.woordenwereld.nl).

### Bundel met artikels uit *Waarheid en Dwaling*

Daar word beoog om 'n bundel uit te gee met 'n seleksie van artikels wat oor die jare verskyn het. 'n Seleksie sal gedoen word om tendense en temas te reflekteer. 'n Indeks met al die artikels wat in *Waarheid en Dwaling* verskyn het, sal ook in die bundel gepubliseer word. Elke intekenaar sal 'n kopie van die bundel ontvang.

### Ledegeld

Daar is nie verlede jaar rekenings uitgestuur nie omdat die volle getal uitgawes van *Waarheid en Dwaling* nie verskyn het nie. Enkele lede het egter spontaan gelde betaal. Diegene wat graag 'n terugbetaling verlang kan sr JM Das daaroor nader. Gelde in die VGL se rekening sal egter nuttig aangewend word vir die uitgee van publikasies en skenkings aan die biblioteek van die *Stigting vir Gereformeerde Literatuur* (SGL) vir die aankoop van besondere werke. Ons vertrou dat die biblioteek wat in die gebou van die GK Die Kandelaar gehuisves word, mettertyd ook vir alle belangstellendes toeganklik sal wees.

### Webwerf

Om kosteredes is die adres verander na: www.vgl.co.za. Die huidige adres bly egter voorlopig nog funksioneel.

Die verwysingsblad vir *Waarheid en Dwaling* bly deel van die webwerf. Besonderhede oor die uitgawes en artikels bly dus steeds elektronies beskikbaar. Ons beplan om met verloop van tyd al die uitgawes op die webwerf te plaas.

**Dr ALA Buys,** Pretoria

# Dobbelsteen-dogmatiek – hoera of halleluja?

Die besluit was een ding. Die verduideliking van die besluit by die voortgesette sinode 2009 'n heel ander. Hierdie artikel handel nie oor die saak van die vrou in die besondere amp nie; dit handel wel oor die manier waarop die besluit geneem is en die manier waarop die besluit na buite verduidelik is.

Die postmoderne hermeneutiek het die GKSA met sy volle impak begin tref. Dit word nie met 'n rooi gesig van skaamte of woede gesê nie, maar blou van 'n suurstoftekort. Die behoudende deel in die kerk is diep dankbaar oor die besluit. Tog behoort almal diep bekommerd te wees oor die manier waarop die besluit geneem is – want hoera is nie halleluja nie.

Kortliks kom die stand van sake op die volgende neer. Die argument: die kerk het nou vir twee dekades lank die saak uit die Skrif nagevors. Twee duidelike standpunte het na vore getree. Die grammaties-historiese benadering handhaaf dat die vrou nie in die besondere ampte mag dien nie (met dalk hier en daar 'n uitsondering oor die 'diakones'). Die openlike sosiohistoriese en subtiele postmoderne benadering handhaaf dat die vrou wel in al die besondere dienste nie net mag dien nie, maar die reg het om te dien. Albei (na regte was daar eintlik drie standpunte) sê: Die Here sê so. Almal handhaaf die Skrifgesag. So sê ons, ons verskil net oor die interpretasie. So gesê, so gedaan.

## Bruidsgebed

In die kerk se hele lewe is gebed 'n lewensaar – ook in sinodesittings. Dit is goed as die kerk bid: 'n bruidsgebed waarheen die Bruidegom haar wil lei. Laat dit vasstaan: nooit mag die kerk se gebed, hoe swak ook al, bespot en verkleineer word nie. Die Gees kom immers ons swakheid te hulp. Gebed is altyd antwoord van die bruid op die Woord, ook in haar hulpgeroep om leiding. Sy praat nooit eerste nie, nooit mag sy haar Heer en Meester in die rede val nie. Dit is sy Woord-orde.

Het die kerk regtig in sy sinodesitting 'n bruidsgebed gebid? 'n Gevaarlike vraag, want bid is heilig. Juis daarom is die vraag nodig, want om iemand onder, deur en as gevolg van gebed op te roep tot 'n bepaalde pad het groot gevolge.

## Gebed van onwetendes

Bid die GKSA tans, nou nie net in sittings nie, die bruidsgebed of die Filistynse gebed van die onwetendes? Onthou die vyf goue muise en vyf goue geswelle in die kissie langs die ark, om dit dan weg te stuur om heen te gaan (1 Samuel 6). Sit dit op 'n nuwe wa, dat die osse self wys waar die weg is. Die Filistyne is na sewe maande in 'n doodloopstraat. Is dit die God van Israel se handewerk of is die plae toevallig? Dié kant om het hulle moeilikheid met die God van Israel, dáárdie kant om het hulle ewe veel klappe. Sit die goue muise neer. Los dit vir die osse. Ons bid so want ons weet nie wat wil dié God van die Hebreërs tog hê nie. Die Filistyne bid die gebed van die onwetendes. En daar stap die osse waar-agtig grens toe. Is dit gebedsverhoring? Is dit die proto-bruidsgebed? Of is dit postmoderne eksemplaristiese filosofiese eksegese?

Ons handhaaf die Skrifgesag. En ons sê almal so. Dié kant om is ons in die moeilikheid – die kerk kan skeur. Want van sit én staan – ook by openlike verklarings – kom niks gedaan. Dáárdie kant om is ons in die moeilikheid – die kerk kan by die wêreld ongewild wees. Die kerk krimp. Wat wil die God van Abraham tog van ons hê? Met 'n heilige hande(ling) word gestem, om daarmee te sê: Hy laat glo diakonesse in, in sy kerk in. Met heilige meerderheidshande sê Hy glo nou: die vrou is uit, uit die leer- en regeeramp in sy kerk.

Vir nou, want soos in enige gesonde demokrasie moet daar tog weer gestem word. Laat ons kyk waarheen die osse dán loop. 'Ons weet nie wat om te doen nie, Here, want U Woord (waarvan ons almal die gesag bely) wys twee paaie. Ons hoor Ú stem nie nou so mooi nie, nou sal óns maar stem. Maar laat ons as gedeelde bruid eers bid: die gebed van die onwetende. Ons weet nie wat U wil hê nie. Laat U wil geskied. Sou daar stemmige saalstilte wees? 'n Hoera? Want die Here hoor?

## Voorsienigheid

Toe die uitkoms wat die Here ons vir nou gee: die vrou is vir eers hier uit. Ons gaan dié kant om. Ons stem saam dat die lot die kant toe om geval het. Dan die verduideliking van die uitkoms: dit is die voorsienigheid van die Here. Twee voorbeelde word onder andere genoem. As twee christene baklei soos byvoorbeeld Boer en Brit, bid albei vir oorwinning, maar net een kry dit. Of twee mense doen aansoek vir dieselfde werk, maar net een kry die werk. Laat U wil geskied …

Om so te maak is dobbelsteen-dogmatiek. Barth het al gepraat van die linkerhand- en regterhanddade van God. Die een kerkverband (byvoorbeeld die NG Kerk, asof daar meer as een mag wees?) kan na twee dekades ook twee 'verslae' verslae hê, en in stilte bid en verslae die uitslag ontvang. Daardie kant

om, broeders en susters in die amp. God se linkerhand. Ons is in 'n *ander* kerkverband (asof daar so iets is soos 'n ander liggaam van Christus), sit met twee verslae. Ons bid en behoudend bewoë, dankbaar ontvang ons die uitslag. Hierdie kant om die bos, broeders, dit is die Vader se wonderlike voorsienigheid. Dieselfde Christus red sy kerk, sy bruid, maar hoe sy haar getrou, eendragtig as getroue vrou moet gedra, watter pad die bruidspad is, verskil. God se regterhand vir seker ...

### Stem oor Christus

Die antieke gode het al dié dobbelsteen gegooi. Delfi se dwelmgas roep ook om interpretasie. Mag die bruid van Christus loting toelaat in die dogmatiek, in die heilige leer van die kerk, in die *sacra doctrina?* Is alle reg nie 'n saak van God nie? Nie net regspraak nie, maar ook regte spraak, regte hermeneutiek? Gee Hy nie die beslissings nie? Waar is nou die stemme wat sê dat Christus nie in die Ou Testament is nie? Wat het geword van die borstas van beslissing? Lê die reg by Christus of het Hy sy beslissingsreg, ook oor regte en verkeerde woord-orde, aan sy biddende bruid oorgedra? Het Christus sy amp oorgedra? Wéét die GKSA regtig wat amp is, van die Man in sy amp? Kom nou, broeders, julle wat sê hierdie beslissing kom op dié manier van die Here af. As dit dan die pad van God is moet almal tog daarop loop. Dan moet die ander eksegese verwerp word. Anders is dit inderdaad maar om te kyk waarheen die osse, of stemskape, die volgende rondte heen gaan loop. Wie het ons die reg gegee om oor die Waarheid, Christus, te stem?

### Gevolge

Wat is die implikasie van hierdie soort verduideliking van die sinodebesluit? Die GKSA het aanvaar dat daar tydelike waarhede is wat demokraties bepaal word. Nou dié kant. Nou dáárdie kant. Gaan ons oor die twee nature van Christus ook begin stem? Oor die bestaan van Satan? Oor die erfsonde wat aan katkisante geleer word? Stem is Stem, stem is stem. Christus, die Weg, lei sy bruid op verskillende tye op verskillende paaie: Is dit ons waarheid? Asof Hy gesê het: Ek is die weë, die waarhede en die lewens? Die kerk mag nie met die dogma dobbel nie. Dit is heilig. Dit is Gód se reg. God se verbondstrou is hier op die spel. Dit is sy eedswering van getrouheid aan sy bruid.

As God dan nou linker- én regterhanddade het, wat is die gevolg vir die bidders in onwetendheid? Rampspoed: geen tug is meer moontlik nie. Op geen eerlikheid kan meer gereken word nie. 'n Openlike verklaring by 'n sinode verloor sy verbondsbindingskrag aan die trou van God: die kerk mag nie voor God se aangesig vir mekaar lieg en sê dit is nie leuens nie, want God lei my maar net anders as vir jou. Geen liefde en liefdesreg is dan meer aantoonbaar nie. Geen verband, géén, hoegenaamd geen ekumene is enigsins meer moontlik met so 'n standpunt-inname nie. Die mistiek en die postmoderne hermeneutiek gaan so die GKSA teen die Rots, Christus, verpletter. Verskriklike woorde, maar tog so logies. In die begin was die Woord, die *Logos*. Ons woord logika is daarvan afgelei. God is trou in al sy handel. Ons moet trou wees in al ons handel. Wat is moeilik hieraan?

### Heidense logika

Hoor die heidene, met hulle goue muise, se dodelike logika. Daar is 'n wet van teenstrydighede. Hulle sê: ons glo nie in julle God van Abraham nie. Julle sê Hy skep. Julle sê Hy voorsien vir julle lewe en ook vir antwoorde in julle lewe. Julle roep ons op om julle God te dien. Julle sê julle God is enig, drie-enig. Julle sê Hy is die waarheid.

Maar julle stry so onder mekaar daaroor – oor wat Hy sou sê, dat ons julle, en hom of haar, nie glo nie. Wat verskil julle sinode van die orakel van Delfi? As julle dan stem in die kerk, waarom gee julle nie stemreg aan almal in die kerk nie? Maak dit dan die interpretasieskaal? Laat almal dan – soos ons buite die kerk – met ons eie breine en ons eie logika vir onsself die dinge vir ons eie tyd uitwerk. Julle het nou eers agtergekom wat ons lankal weet. Daar is geen ewige vaste waarheid nie. Julle sal nog agterkom, daardie Christus, wie julle sê die Waarheid is, waaroor julle so stry wat Hy sê, is eintlik maar net julle eie-gedagte-reddingsbootjie, dat julle vir 'n nag of twee rustiger kan slaap.

### Baie waarhede

Maar wees dapper soos ons. Erken maar dit is 'n flou naglampie vir die bang, en almal weet gloeilampies blaas maar die een of ander tyd. Julle sê julle God is anders, maar julle lyk nie anders as ons nie. Julle maak nes ons lankal doen. Ons bid ook soms in menslike swakheid in onwetendheid, maar dan skep ons weer moed. Ons mensdom stem al hoe meer saam: daar is geen God nie. Nou ja, die vyf muise se osse, kan ons statisties verklaar. Hoekom kom julle nie na ons toe oor nie. Julle het die belangrikste stap alreeds gedoen: julle het vir mekaar in julle God se Naam gesê daar is twee waarhede. Julle sal sien, as daar twee kan wees, kan daar twintig wees of twee miljard.

Kom maar heeltemal oor na ons toe. Julle het die dapper menslike ding gedoen om te sê julle weet ook nie. Miskien moet ons vir een leier regoor die wêreld stem, net om die waarhede so bietjie te rangskik. Julle kan hom selfs die anti-chris noem. Julle sal in elk geval nie weet wat die waarheid is nie – net soos ons.

Julle sê julle God praat met julle deur sy Woord. Julle noem dit openbaring. Julle stem oor sy Woord. Ons stem ook oor die waarhede, ons noem dit menseregte-demokrasie. Julle lyk en dink en doen op hierdie punt net soos ons – sonder openbaring. Julle stem eintlik met ons saam, al wil julle nog bid voor julle stem. Hou dit so. Dit is so mooi om mense

te sien wat tradisie respekteer. Julle het geleer om waarhede te weeg: geldig en minder geldig. Julle het geleer om julle dogma as dobbelsteen eiehandig te gooi. Die meerderheid is die waarheid – vir nou. Ons sê mos al lankal almal so. Julle sê dit is julle God se voorsienigheid. 'n Mens kry bietjie lag vir julle ou gewoontetjies om gerus te voel oor 'n 'Hoër Hand'. Maar julle sal sien, eintlik besluit julle elke keer self wat julle wil hê, kultureel-histories. Net jammer julle is 'n konserwatiewe kerk. Maar wat dit is reg. Ten minste het julle nou al twee waarhede. Kom oor en help ons in die wêreld. Julle mooi gewoontes kan ons nogal help met die etiese waar-wegery.

## Oefenkamp

Miskien is die sprong na die wêreld, vir nou, te groot. Oefen dan maar eers in julle eie kampie. Wat van een van die scenario's:

- Twee jonge(n)s wat saambly het die kerkraad laat weet hulle het ook nou na dié sinode lank en innig in gebed verkeer en God se hand (linker- of regterhand, die kerkraad kan maar met meerderheid van stem besluit wátter hand) het hulle gelei om trouloos getrou saam te bly – vir nou.
- Of oefen bietjie hier. 'n Brief aan al die kerkrade. 'Die kerkraad het eenparig kennis geneem van die Gereformeerde kerk in broeder- en susterstroom dat hulle, nadat hulle gebid het deur die Here se hande gelei (hulle is oortuig dit moes albei hande gewees het) om wél vroue as ouderlinge en predikante te bevestig en na meerdere vergaderings af te vaardig. Hulle spreek ook eenparig die hoop uit om wel integraal deel van die GKSA te bly, want hulle is geroep met gawes en al om hier diensbaar te wees. Laat ons opstaan by die openlike verklaring, want my verhouding (nie verbond) met die Here is reg. Met watter hand moet ek vir jou sweer oor my eerlikheid? Kies 'n hand.

## Uiteinde

Wat is die gevolg van die postmoderne hermeneutiek? Hoe lyk 'n toekomstige weervoorspelling? Daar het 'n liefdelose stilte oor die kerk neergesak – niks was meer reg nie want niks was meer verkeerd nie. My eerlikheid is jou troueloosheid. Almal bid maar net die gebed van die onwetendes, en kies dan, enkel of in groepsfaksie, die hand wat God agter sy rug wegsteek en hoop dit is nie 'n leë hand nie. Die GKSA is toe mos van Dionisius. Die rede, die logika, het toe voor die drif van die meerderheid geswig, soos Dionisius nog altyd geleer het. Dinge kon hierdie kant van die graf skynbaar teenstrydig wees – soos dat dieselfde God skynbaar uit twee monde praat – maar dit kon nie enduit staan nie. Heraklitos, Heidegger en Deleuze het die antwoorde gegee. Verwyder alle skynteenstrydighede totdat die Eénheid (nie meer die Drie-eenheid nie) oorbly. Stem, stem, ons stem maak ons wie ons is. Ons keuse bepaal ons wese.

Die mens het sy eie natuur begin verander. Hy wil God wees, nie maar net soos God wees nie. Hy wil die waarheid openbaar, nie meer die openbaring ontvang nie. Die mens wil alleen die waarheid wees, nie meer die waarheid ken nie. Die mens wil die lewe skep, nie die lewe verkry nie. Die GKSA was nog nooit so na aan verdwaal en vergaan in die woestyn as juis nou nie.

## Hermeneutiese sinode

Wat is die uitweg? Die eksodus is Christus, die Weg. Die Weg is die uitweg. Die GKSA moet 'n hermeneutiese sinode hou. Biddend as bruid. Die Weg moet gevolg word as die wetendes, as dié aan wie die Woord geopenbaar is, aan wie die Heilige Gees self die insig gee. Die GKSA moet letterlik in God se Naam ophou om sy handskrif vir Hom te probeer interpreteer. Niemand kan aan God, en aan sy Beeld, en aan sy tekens betekenis toeken nie. Jy bruid, as sy teken, sy Beeld in jou, sy beeld as sy logo, mag en moet dan bid en dan eenstemmig na die geopenbaarde stem luister.

Die hardnekkiges wat voortgaan om God se Woord namens Hom te interpreteer en met eietydse betekenistoekenning te terg, moet – as hulle volhard – afgesny word van die liggaam van Christus. Inderwaarheid sny hulle hulself van Christus af. En van sy liggaam, die kerk. Daarom suster en broeder wat aards interpreteer: in die naam van alles wat heilig is, kom tot inkeer. Dit is 'n saak van ons lewe of dood. Die dobbelsteen- dogmatiek is pure heidendom. Daar is nie so iets soos 'n heilige hoer nie. Bruid, wonderskone lieflike bruid, gee tog ag as jy die bruidsroep hoor van jou eie Bruidegom. Verag jou eie vlees, moenie jou eie aardse betekenis toeken aan sy hemelse Woord nie. Hy sal jou leer hoe jy jou in sy huis, as die huis van God, moet gedra. Hoer-a of Hallelu-ja. Jou stem of Sý stem? Instem met die Waarheid of stem oor die waarheid? Jou dood of Sý lewe – wat sal dit wees?

**Ds C Jooste,** Wonderboompoort

# 100% God se Woord en 100% mens se woord?

## Inleidend

Elkeen wat die Bybel in die hand neem sal erken dat dit nie net 'n boek is soos enige ander boek nie. Die Bybel is besonders, want die Bybel is die Woord van God. Dit is die besondere genademiddel waardeur die Here sy wil aan ons bekend maak. Op die bladsye van hierdie boek word ons vertroos in tye van benoudheid, word ons gelei tot 'n grondige sondebesef en word ons verseker dat daar geen saligheid buite Christus is nie. Deur die Woord van die Here word ons gelei in 'n lewe van heiligmaking en vind ons die reël vir 'n lewe in dankbaarheid. In die Bybel leer ons die almag van God ken, alhoewel ons die begin of einde daarvan nie kan deurgrond nie.

Tog word die Bybel vandag aan vele verskillende vorme van kritiek onderwerp. Ons sien hoe vrae oor die Bybel gestel word wat nie net meer met ons geloof en saligheid te doen het nie, maar ook met die geloofwaardigheid van die Bybel self. Daar word bespiegel oor die historisiteit van die skepping en die werking van die erfsonde. Ons hou ons besig met die werklike verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament. Tussen al die teologiese debatvoering deur, wil dit voorkom of ons besig is om die fondament van ons Skrifleer al hoe meer te ondergrawe en selfs te verwaarloos. Hoe kan ons 'n weg vind uit die doolhof van allerhande wetenskaplike teorieë oor die Bybel?

## Wat leer die Bybel oor die Bybel

Wanneer ons oor die Bybel praat is die beginpunt sekerlik dat ons moet lees wat die Bybel self sê. Die belangrikste vertrekpunt wat ons moet neem is dat die Bybel die openbaring van God is. Dit bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 2. God maak Hom in sy Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend. Tot hier sal die meeste gelowiges volmondig saamstem. Die verskille raak egter al hoe duideliker wanneer artikel 3 aan die orde kom. Daar bely ons dat hierdie Woord nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, gedrywe deur die Heilige Gees, gespreek. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy Woord op skrif te stel.

In die twee artikels van die NGB speel 2 Petrus 1:21 'n baie belangrike rol. Daar lees ons dat geen profesie ooit deur die wil van 'n mens voortgebring is nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek. Oor hierdie vers verklaar Johannes Calvyn dat die heilige mense van God deur die Heilige Gees voortgedryf of beweeg is om die Woorde van God op Skrif te stel. Hierdie mense is nie deur God van hulle self en hulle persoon beroof soos die heidense profete dit geag het nie[1]. Die Here het dit so in sy raad beskik dat Hy Hom deur sy Woord aan die volk bekend maak en dat Hy daardie Woord deur mense (sy profete en apostels) aan die mense van sy volk bedien.

'n Ander Skrifgedeelte wat in hierdie verband baie belangrik is, vind ons in die tweede brief van die apostel Paulus aan Timoteus (2 Timoteus 3:16). Daar leer Paulus dat die Skrif deur God ingegee is en nuttig is tot lering, weerlegging, tot teregwysing en tot onderwysing in die geregtigheid. Die klem in hierdie vers val op die feit dat die hele Skrif deur God ingegee is; dit kan ook vertaal word met 'deur God ingeblaas' of 'deur God geïnspireer'. Alhoewel daar meer gegewens in 2 Petrus 1:21 oor die ontstaan van die Skrif as Woord van God gegee word, is die belang van die vers in 2 Timoteus dat ons hier met die inspirasie van die Skrif te make het.

1 Calvin, J. Commentaries on the Catholic Epistels. Grand Rapids: Eerdmans. 1959.

Uit hierdie twee Skrifgedeeltes (daar is nog ander) kan ons in ooreenstemming met ons belydenis sien dat:

- die Here Homself deur die Woord bekend maak.
- die Woord deur die geskiedenis deur die 'heilige mense' op Skrif gestel is.
- hierdie Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is.
- hierdie Skrif vir ons nuttig is.

Die vraag wat hieruit opkom gaan oor die feit van die 'heilige mense' wat die Woord op Skrif gestel het. Hoe moet ons dink oor die menslike faktor wat betrokke was by die opskrifstel van die Bybel en in watter mate is die menslike faktor belangrik?

## Die menslike faktor

Die rol wat die mens in die totstandkoming van die Skrif gespeel het, het aanleiding gegee tot verskillende modelle om die inspirasieleer van die Skrif te verduidelik. Die bekendste vir ons is die organiese inspirasie aan die een kant en die meganiese inspirasieleer aan die ander kant[2]. Met die meganiese inspirasieleer word bedoel dat die Here die mense bloot as robotte gebruik het

2 Daar bestaan ook ander inspirasiemodelle soos die dualistiese, die dinamiese en die aktualistiese inspirasie-teorieë. Vir die doel van hierdie artikel word daar nie op hierdie modelle ingegaan nie. 'n Bondige bespreking van die modelle vind ons in die werk van Van Genderen, J en Velema, WH. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. 1992. p 85-86.

en sy Woord aan hulle dikteer het. In die meeste gereformeerde kringe word hierdie benadering afgewys. Met die organiese inspirasieleer word bedoel dat die skrywers steeds in hul eie persoonlikheid en woorde en menswees die openbaring van God deur die leiding van die Heilige Gees op skrif gestel het. Volgens hierdie leer is die Skrif 100% God se Woord maar tog ook 100% mense se woorde. In gereformeerde kringe word hierdie oor die algemeen as die regte verstaan van die wonder van Goddelike inspirasie beskou.

Tog beteken dit nie dat hierdie benadering sonder probleme is nie. 'n Verkeerde verstaan van die organiese inspirasie werk met die benadering dat dit nie alleen maar die vorm van die Skrif is wat menslik is nie, maar dat daar ook in die inhoud van die Skrif menslike elemente is. So kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die Bybel, tussen al die mensewoorde deur, wel die woorde van God bevat maar nie werklik die Woord van God ís nie. Dit kan weer tot die benadering lei dat die Skrif eintlik net nadenke van mense oor God bevat en nie meer die selfopenbaring van God is nie. Dit het die gevolg dat die Bybel maar net soos enige ander boek geag word.

Soos enige boek, wat deur 'n menslike outeur geskryf is, aan sekere histories- en literêr-kritiese prosesse onderwerp kan word het dieselfde in die laaste eeue ook met die Skrif gebeur. Die Bybel word aan 'n verskeidenheid van kritiese benaderings onderwerp, want dit is tog woorde van mense. Wanneer ons onder organiese inspirasie verstaan dat God en mens saamgewerk het om die Bybel daar te stel, verstaan ons dit verkeerd. Wanneer ons dink dat die menslike faktor van die Bybel aan ons die reg gee om met ons sondebesoedelde verstande beterweterige vrae aan die teks van die Skrif te kan stel, verstaan ons steeds nie wat dit beteken dat die Skrif geïnspireer is nie.

## Organiese inspirasie

Die gevare van die verkeerde verstaan van die organiese inspirasie maak egter nie dat ons dié leer geheel en al moet verwerp nie. Die feit is steeds dat die Here mense gebruik het om sy Woord op skrif te stel. Deur die organiese inspirasie word daar gepoog om 'n antwoord te gee op die verskillende aspekte van die Bybel as Woord van God in menslike geskrif – wat mense gesê en geskryf het, staan in diens van die Heilige Gees[3]. Dit is duidelik dat die Heilige Gees die Bybelskrywers nie alleen as blote stenograwe gebruik het om jota en tittel neer te skrywe nie.

Om organiese inspirasie reg te verstaan moet ons in die eerste plek ons gesigsveld verbreed. Ons kan nie oor die inspirasie van die Skrif praat sonder om die genadewerk van die Here in sy skepping en met sy volk in ag te neem nie. Aan die begin het God die mens as hoogtepunt van die skepping geskape. Nadat die mens in sonde geval het, het die Here die oordeel oor die mens uitgespreek, maar ook genade. So word die genadewerk van die Here van die begin af sigbaar in die skepping. Die genade van die Here het egter nie net in sy werke sigbaar geword nie, maar ook deur sy Woord[4]. In sy genade gee die Here die Bybel as sy Woord aan sy kinders om vir hulle 'n lig op die pad en 'n lamp vir die voet te wees. Soos die kinders van die Here in die skepping as 'n liggaam of organisme onder Christus in sy genade, so gee Hy ook die Skrif as 'n organiese geheel om Homself te openbaar (NGB artikel 2). Daarom is die Bybel nie net 'n biblioteek van verskillende boeke in verskillende tye deur mense geskryf nie, maar die Woord van die Here – 'n organiese geheel – wat regdeur Christus as die middelpunt het.

Uit die Skrif as organiese geheel kan ons verstaan hoe die Here ook die Skrif organies geïnspireer het. Ons oorvereenvoudig hierdie gedagte maklik deur te sê dat die Skrif wel 100% die Woord van God is, maar dat dit 100% woorde is wat deur mense opgeskrywe is. Hierdie oortuiging gee gewoonlik aanleiding daartoe dat die onfeilbaarheid van die Skrif in twyfel getrek word. Wat moet ons dan verstaan as organiese inspirasie? Hoeksema[5] gee die volgende verduideliking:

- Soos die Here in sy soewereiniteit sy kerk as organisme onder die hoofskap van Christus verordineer het, so het Hy in sy ewige raad die hele Skrif as organisme, met Christus as middelpunt, verordineer. Soos Hy dit verordineer het in die ewigheid het Hy dit in die tyd tot stand gebring.
- In die ewigheid het die Here spesifieke 'organe' in die liggaam van Christus verordineer en aan hulle die detail van persoonlikheid, karakter, talente, onderrig, gedagtegang, skryfstyl, persoonlike ervaring en historiese ondervinding gegee, om in die tyd sy volmaakte Woorde op skrif te stel.
- Die Heilige Gees het hierdie 'organe' van Christus se liggaam in die tyd geroep en gevorm en geestelik asook fisies voorberei om die goddelike taak uit te voer.
- Na die voorbereiding het die Heilige Gees hierdie menslike instrumente in die tyd gedryf om die woorde van God te spreek en op te skryf.

## Wat van die mens?

Uit hierdie verduideliking sien ons dat die werk van God sentraal staan wanneer daar van die organiese inspirasie van die Skrif gepraat word. Maar wat van die mens? Die Here het Dawid, Salomo, Lukas en Paulus mos nie bloot as stokke en blokke gebruik nie? Inderdaad nie. Hierin moet ons die verhouding tussen God en mens raaksien. Die mens en sy persoonlikheid staan nie los van die soewereine almag van God nie. Hieroor is die Skrif self ook

3 Van Genderen, J en Velema, WH. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok. 1992.
4 Vergelyk Johannes 1.

5 Hoeksema, HC. The Doctrine of Scripture. Grand Rapids: Reformed Free Publication. 1990.

duidelik. Die mens is die klei op die wiel en God die soewereine Pottebakker wat Self die een tot eer en die ander tot oneer maak (Romeine 9:21). Die hart van die koning is in die hand van die Here soos waterstrome (Spreuke 21:1). Daarom is dit nie moeilik om in te sien dat die Almagtige God wat Skepper is van hemel en aarde, ook die Skepper van ons hele menswees, persoonlikheid, en vaardigheid is nie. Hy is die Beskikker van ons lewe wat betref opleiding, omgewing, gedagtes en oortuigings. So het die Here nie op 'n stadium die Bybelskrywers van buite gedwing om sekere dinge woord vir woord op te skrywe nie, maar het Hy deur sy Gees van binne in hulle gewerk en hulle gevorm om sy onfeilbare Woord eers oor te vertel en later op Skrif te stel.

Dit is vir ons inderdaad nie maklik om te bewys of te aanvaar nie. Ons kan nie ondersoek gaan instel wat op daardie oomblik gebeur het toe die Heilige Gees in die hart en verstand van Moses, Dawid en Paulus gewerk het om die heilige, onfeilbare Woord van God neer te pen nie. Ons kan maar net in verwondering staan by die wete dat die Skrif 100% die werk van God is en dat die mens 100% klei in sy hand is.

**KERKERF**

**AP Bezuidenhout,** Pretoria

# Selfstandigheid op die sendingveld

Wanneer ons die stand van die 'inheemse' kerke in Suid-Afrika vergelyk met die van Korea, sien ons 'n reuse-verskil. Volgens ds Naas Ferreira (2002:86) het sendingwerk in die GKSA '... op 'n paternalistiese wyse (Spoelstra, 1999:293) eerder kultuuroordrag bewerk (Spoelstra, 1999:294) en het grootliks uitgeloop op die finansiële ondersteuning van 'jong kerke' (Spoelstra, 1999:302-303). Sending het in 'n groot mate die 'tjekboeksustentasie' van kerke in swart woongebiede geword.' Vandag, meer as 350 jaar nadat die gereformeerde leer na Suid-Afrika gekom het, sukkel die inheemse kerke steeds om te oorleef. Hierteenoor het sending in Korea binne 17 jaar tot 'n selfstandige denominasie gelei. Wat het hulle anders gedoen?

## Sending in Suid-Afrika

6 April 1652 is die geboortedag van die Suid-Afrikaanse volk en kerk. Dit was die dag waarop Jan van Riebeeck en sy geselskap die onbekende Afrika se suidpunt bereik het. Die Nederlandse regering het deur middel van die Oos-Indiese Kompanjie (OIK) en die Gereformeerde Kerke in Nederland saamgewerk en kolonisasie en sending gekombineer. Ferreira (2002:63) haal Hamersma soos volg aan: 'Hoewel de Roomsen mensen, de Portugezen, het eerste bekend waren met die puntje van de wêreld, heeft God het toch zo beskikt, dat de Gereformeerde leer hier eerste vaste voet kreeg. Dit is een vingerwijzen tot in verre geslachten' (1911:268).

Vir die eerste 13 jaar is die gelowiges in Suid-Afrika bedien deur sieketroosters wat deur die OIK betaal is. Die eerste predikante was steeds vergoed deur die OIK. Verder noem dr PJS de Klerk ten opsigte van die kerk in Indië (1923:43): 'Hierby kom nog dat hulle [die OIK – APB] daarnaar gestrewe het om die Indiese kerk in 'n staat van onmondigheid te hou. Die geestelike welvaart van die gemeentes werd nie altyd ten beste behartig nie, immers onwaardige en ongeschikte dienare werd soms uitgestuur, mense wat in Holland self nie meer kon tereg kom nie'.

Vir die eerste 120 jaar moes die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onder toesig van die 'moederkerk' in Nederland funksioneer. Weereens De Klerk (1923:50): 'Wederregtelik het die regering gedurende 120 jaar bepaal dat die helfte van die kerkraad beamptes van die staat moes wees ...' en verder: 'Hierby kom nog die ywersug van die moederkerk, wat selfs geen klassikale vergaderings in Suid-Afrika wou duld'. Die kerke wat in Suid-Afrika geplant is, was spieëlbeelde van die 'moederkerk' in Nederland.

Ferreira (2002:95) skryf: 'Die Kaapse kerk is (egter) nie vanuit Nederland as volwaardige gemeentes behandel nie, maar as onselfstandige godsdiensposte binne die verversingspos van die Kompanjie beskou'.

Slegs opgeleide predikante van buite Suid-Afrika het leierskapposisies beklee. Een probleem wat as gevolg hiervan reeds ontstaan het, is die feit dat die kerke van die 'moederkerk' afhanklik gebly het. Geen plaaslike 'inheemse' predikante is opgelei en georden nie. Toe daar eindelik die oortuiging gekom het dat inheemse mense hul eie mense beter kan evangeliseer, het dit talle eiesoortige probleme opgelewer. Hierdie leiers het eers verwesters en toe 'verchristelik'. Hulle lewensonderhoud het steeds van buite die plaaslike gemeenskap gekom. Fondse vir die oprigting van kerkgeboue het van buite die inheemse volke gekom. Soos reeds hierbo genoem, het dit tot sogenaamde 'tjekboeksustentasie'

gelei. Selfs vandag (356 jaar later) sukkel die meerderheid inheemse gereformeerde kerke steeds om onafhanklik te wees.

## Sending in China

John L Nevius was van Nederlandse afkoms. Hy studeer teologie aan Princeton Universiteit in Amerika. In 1824, op 24-jarige ouderdom, vertrek hy en sy vrou met 'n sendingopdrag vanuit die Presbiteriaanse Kerk van die Verenigde State van Amerika na China. Aanvanklik was sy sendingpogings nie baie suksesvol nie. Hy ontwikkel 'n 'nuwe metode'. Die 'ou metode' wat tot op daardie stadium deur Amerikaanse sendelinge gebruik is, het behels dat 'inheemse' evangeliste in diens geneem is en 'n salaris betaal is. Hierdie evangelis sou preek en die evangelie aan sy landgenote verkondig. Die sendeling moes gedurig verslae aan sy opdraggewers stuur. Die sendingrade het talle eise gestel. Hulle wou vanaf die eerste dag resultate sien. Die sendelinge kon egter nie die plaaslike tale praat nie. Die enigste manier waarop onmiddellike vrug gelewer kon word, was deur die gebruik van inheemse mense.

Nevius is huis toe vir 'n 'Sabbatsrus', baie ontnugter. Dit is toe dat hy verneem van die sogenaamde 'three-self'-formule om 'n inheemse kerk te plant. Dit is ontwikkel deur 'n Britse en 'n Amerikaanse sendeling, genaamd Henry Venn en Rufus Anderson. Hulle het Paulus se sendingmetodes bestudeer en as beginsels vir hulle eie sendingmetodes aangewend.

Die rede waarom hulle hierdie strategie ontwikkel het, was as gevolg van die feit dat hulle, soos William Carey, sendingstasies gebou het. By hierdie stasies is Westerse skole en drukpersfasiliteite beskikbaar gestel. Hulle het bekeerlinge gehelp om die Westerse lewenswyse en kultuur aan te leer en hul ou kultuur af te leer. Die gevolg was dat hierdie mense afhanklik geword het van die Westerse sendelinge op maatskaplike sowel as sosiale terrein. Dit het nie werklik gehelp om die evangelie suksesvol oor te dra aan 'n ander kultuur nie. Dink maar aan plekke soos Genadendal in Suid-Afrika. China het aan die begin van die 19de eeu uiterste ekonomiese druk beleef. Christene wat deur hierdie sendelinge in diens geneem is, het materiële bystand ontvang. Dit het gelei tot sogenaamde 'rice Christians'. Hier by ons: 'tjekboeksustentasie'. Rys-christene was diegene wat soos gelowiges gelewe het, terwyl hulle materiële voordele ontvang, maar hul rug op die geloof keer wanneer hierdie voordele opdroog.

Teen hierdie agtergrond het Venn en Anderson 'n nuwe kerkplantingstrategie ontwikkel. Hulle het die tekortkoming met die sendingstasiestrategie raakgesien. Hulle wou inheemse kerke plant. Die kern van hul strategie was die sogenaamde 'three-self'-formule: selfonderhoudend, selfregerend en selfuitbreidend. Hier beteken selfonderhoudend dat die inheemse kerke op hul eie finansiering aangewese moet wees sonder om vir materiële hulp van die sendelinge afhanklik te wees. Selfregerend beteken dat die inheemse kerk deur 'n inheemse leiergroep beheer moet word. Selfuitbreidend beteken dat die inheemse mense self die evangelie na hulle eie mense moet neem.

Nevius het dadelik gesien waarom sy werk in China nie baie suksesvol was nie. Hy is terug na China met 'n nuwe visie. Hy het onmiddellik die drie-self-formule gebruik. Die gevolg was dat hy vrug op sy arbeid kon sien. Hy het begin om artikels in die *Chinese Recorder* te skryf. Later is 'n boek getiteld 'The Planting and Development of Missionary Churches' gepubliseer wat 'n samestelling van hierdie artikels is.

Volgens Nevius moet inheemse mense deur middel van Bybelstudie verander word. Sendelinge moet daarom die plaaslike taal aanleer en die kultuur van die land verstaan. Plaaslike leiers moet opgelei word om verantwoordelikheid te neem vir die verkondiging van die evangelie onder hul eie mense. Die skrywer self was bevoorreg om die vrug van hierdie metode in China te sien. Selfs nadat die kerk as gevolg van die kommunisme ondergronds moes gaan, kon hulle daarin slaag om selfstandig voort te gaan sonder die hulp van Westerse sendelinge.

## Die Nevius-metode in Korea

Horace G Underwood is in 1885 na Korea gestuur. Hy moes wag vir goedkeuring van die Japannese regering vir sending in Korea. Korea was op daardie stadium onder Japannese gesag. Hy was reeds besig om die Koreaanse taal aan te leer. By geleentheid het hy van Nevius se metode gelees. In 1890 is Nevius na Korea en het hy ses sendelinge in Korea binne ses dae in sy metode onderrig. Sy metode is ietwat aangepas vir die situasie in Korea. Die sendelinge in Korea het hierdie metode gebruik en in 1907 (17 jaar later) was die Presbyterian Church of Korea 'n selfstandige denominasie wat self sendelinge uitgestuur het! Hou in gedagte dat Korea op daardie stadium steeds onder Japannese onderdrukking gebuk gegaan het. Korea het baie jare later, na die Tweede Wêreldoorlog, eers onafhanklikheid verkry.

## Terug in Suid-Afrika

Iets in Suid-Afrika het drasties verkeerd geloop. Reeds in 1923 het dr PJS de Klerk (1923:17) opgemerk: 'Die sendingkerke mag ons nie as filiale, as aanhangsels van die moederkerk beskou nie. Die drang naar selfstandigheid op die sendingveld moet ons tegemoetkom, 'n drang naar selfonderhoud, selfregering en selfuitbreiding'. En verder: 'Tog sal die sending in die reël nog wel geruime tyd bly saamwerk met die geïnstitueerde kerke, totdat hulle genoegsame wasdom bereik het om selfstandig die sendingtaak oor te neem. Maar dan moet hulle ook heeltemal selfstandig kan optree, hulle het immers hul eie *potestas en libertas, ita ut libera sua agat*

*Ecclesia, ministros eligat, disciplinam exercat*, ensovoorts. Die plantende kerk mag geen gesag uitoefen oor die geplante kerke, hoewel sy mag vermaan en teregwys'.

### Stem uit Holland

JH Bavinck (1960:197) skryf ook ten opsigte van die onafhanklikheid van die inheemse kerk: 'If a church is independent with its own consistory, whence does the missionary get his authority? He is not an apostle, and can thus hardly appeal to the example of Paul. He has come from an older church and has at his disposal a much greater theological knowledge than that of most members of the newly established church, but that in itself does not give him any greater authority. In fact, the mother church ought in nowise to interfere with the affairs of the younger church through the missionary, and this holds all the more if a great cultural and racial difference exists which inadvertently places a great deal of strain upon any such relationship. A second great danger connected with the continued oversight of the missionary is that the young church is artificially kept immature. It does not learn to bear responsibility and it gains little experience in fulfilling its calling. The simple fact that the missionary keeps a watchful eye on ecclesiastical matters weakens the consistory members' sense of duty'.

Die skrywer wil nie voorgee dat hierdie 'ywersug van die moederkerk' die enigste rede is waarom die inheemse gereformeerde kerke sukkel om selfstandig te bestaan nie. Dit blyk tog wel dat die drie-self-formule in 'n baie korter periode, beter resultate opgelewer het.

### Sending in Suid-Afrika vandag

Die huidige situasie in Suid-Afrika leen hom baie tot die gebruik van die drie-self-formule vir sending. Suid-Afrika is nie 'n land waar die Evangelie onbekend is nie. Die Evangelie word wel verdraai en aangepas by die tradisionele Afrika-godsdienste (sinkretisme). Talle inheemse kerke ontwikkel spontaan onder-'pastors' wat nie teologiese opleiding het nie. Daarom reflekteer christenwaardes nie die 75 % christenteenwoordigheid nie. Volgens Beeld (4 Julie 2009) berig Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening aan die Universiteit van Pretoria dat 90 % van die leiers in die informele kerke geen teologiese opleiding ontvang het nie. Miskien moet ons die drie-self-formule (gekontekstualiseer vir Suid-Afrika) as 'n alternatief vir kerkplanting vandag oorweeg.

### Selektiewe Bibliografie


Bavinck, JH. An Introduction to the Science of Missions. Presbyterian and Reformed Publishing Co. Phillipsburg, NJ. 323 p.

De Klerk, PJS. 1923. Kerk en Sending in Suid-Afrika. Doktorale proefskrif: Vrije Universiteit Amsterdam. 190 p.

Ferreira, IW. Die kerk se sending in diens van God se Koninkryk. Verhandeling Th.M Potchefstroomse Unversiteit. 126 p.

Kortering, Jason l. The Standard Bearer. Vol 84: Issue 6. Working Towards an Indigenous Church. Reformed Free Publishing Association.


**Aktueel**

**Prof PH Stoker,** Potchefstroom

# Evolusie in die lig van die woord van God

### Evolusieverskynsel is 'n feit

Die hele wêreld is steeds besig om te verander. Rotse verweer, grond spoel weg, saad ontkiem en plante kom op om weer te verrot, diere word gebore, groei op en sterf, mense kom en gaan, skep kultuur en bepaal reëls vir ordelike samelewings. Hierdie veranderinge vind plaas sedert God die skepping na ses skeppingsdae voltooi het. Die strukture van menslike samelewings was toe nog nie gevorm nie, want daar was nog nie 'n gesin nie. Ook was daar nog nie 'n staat nie. Strukture van menslike samelewings en staatstrukture het eers later gevorm. Volkereverskeidenheid was ook nog nie daar nie. 'n Jersey-koei was eweneens nog nie deel van die skepping nie. Deur beestelery het die mens variëteite voortgebring, onder andere die Jersey-koei. Die menigvuldige honderasse was ook nie aan die einde van die sesde skeppingsdag daar nie.

Alles wat sedert die einde van die sesde skeppingsdag tot stand gekom het, was reeds as moontlikhede in die skepping opgesluit. Die ontplooiing van hierdie potensiaal na voltooiing van die skepping word vergestalt in die evolusieverskynsel, wat deel vorm van God se raadsplan waarvolgens God die skepping onderhou en bestuur tot die volheid van die tye.

Almal, gelowiges en ongelowiges, wil die natuur leer ken en verstaan deur waarneming en eksperimentering. Dit word in die hede gedoen. Die mens wil egter ook weet waar alles vandaan kom, die wetmatighede, meesterlike strukture en funksionele

prosesse in die natuur, en waar hy/sy vandaan kom. Om hierdie vrae te beantwoord, maak die mens sy kennis en wetenskaplike metodes van toepassing op die verlede.

Om die veranderinge wat voortdurend plaasvind deur sy/haar wetenskap te beskryf en te verklaar, soek die mens na 'n vastigheid, 'n onveranderlikheid in die wêreld van veranderinge. Die fisiese wetenskapsdenke het dit vanaf die vroegste tye in wiskunde gevind, met afleidings wat vas en seker is.

## Die wiskundige wêreld

Die Griekse wysgeer Pithagoras, wat ses eeue voor Christus geleef het, was oortuig dat ordelikheid in die heelal bepaal word deur verhoudings van getalle. Sy geloof in die rol van getalle in die natuur is versterk deur die rol van getalle, byvoorbeeld in musiek. So word 'n oktaaf gekenmerk deur die verhouding 2:1 in toonhoogtes. Die woord rasioneel ('rasio-neel') het sy oorsprong in Pithagoras se getalleleer, waarvolgens rasionele getalle (getalle verkry deur verhoudings van heelgetalle soos ½ of ¾) van heelgetalle onderskei word.

As ons in navolging van Pithagoras ons waarnemings aangaande die wêreld in terme van getalle beskryf, gaan ons uit van 'n onveranderlike basis. Getalle verander nie (byvoorbeeld 5+7=12 geld vir alle tye). Moderne fisika het daarom wiskunde as die basis vir die beskrywing van die veranderende natuur aanvaar. Wiskunde werk met getalle. Fisika verkry getalle deur eksperimentele metings. Wiskundige vergelykings beskryf dan meetresultate in terme van fisiese modelle. 'n Meting geskied in terme van een of ander standaardmaat. Tyd, byvoorbeeld, word in sekonde, minute, ure, dae of jare gemeet. Die duur van 'n jaar betreffende die getal dae verander nie; 'n jaar is altyd – vir die huidige – 365,24 dae. Lengtes word weer in millimeter, meter of kilometer gemeet; die afstand tussen twee punte op die aardbol, byvoorbeeld, verander – vir die huidige – nie in terme van kilometer nie, en so meer.

## Plato se ideëleer/metafisika

Gedurende die eerste vier eeue van Griekse kultuur (600 v.C. tot 200 v.C.) was die wêreld waarin ons leef en wat ons met ons sintuie waarneem, vir die Griekse wysgere die werklikheid wat verstaan moet word. Hierdie werklikheid wat vol lewe en veranderlikheid is en met sintuie waargeneem word, is aanvanklik materialisties beskryf. Plato (427-347 v.C.) het benewens hierdie materialistiese benadering ook 'n nie-materialistiese beskouing in sy filosofie ontwikkel, naamlik dat ware kennis meer is as die werklikheid wat ons sien.

Vir Plato was die ware werklikheid geleë in 'n wêreld buite die sintuiglike waarneming, in 'n wêreld van volmaakte abstrakte idees of vorme. Sy ideë-wêreld was geleë in wiskundige verbande en vaste meetkundige strukture en vorme, wat nie sintuiglik waargeneem kan word nie, 'n wêreld wat slegs deur ons verstand geken kan word. Die wêreld wat ons deur sintuiglike waarnemings ervaar, was vir hom 'n wêreld in wording ('of becoming'), 'n verbygaande wêreld (Davies, 1992:35).

Aristoteles (384-322 v.C.), 'n student van Plato, het nie Plato se ideë-wêreld aanvaar nie. Hy het sy teorie van beweging op alledaagse ervaring gebou, byvoorbeeld dat 'n kar op 'n horisontale pad gaan staan as ons dit nie bly stoot nie. Aristoteles se teorieë het 'n werklike wêreld beskryf waar beweging tot rus kom (Pearcy and Thaxton, 1994:128). Galileo (1564-1642) het, daarenteen, wetenskap losgemaak van alledaagse waarnemings deur wiskundige beredenerings deel van wetenskap te maak.

Galileo het die Aristoteliaanse wetenskap omvorm deur uit te gaan van verstandelike abstraksies. Sy teorieë het nie beweging van werklike voorwerpe wat ons uit ervaring ken, beskryf nie, maar van denkbeeldige meetkundige voorwerpe, voorwerpe met volmaakte vorme (byvoorbeeld 'n sfeer of 'n punt) wat langs volmaakte bane op vlakke beweeg sonder wrywing, lugweerstand en atmosferiese druk. Hy het sodoende die fisiese wetenskappe geïdealiseer tot 'n Pithagoras-Platoniese ideëleer.

Hierdie nuwe denke van Galileo is deur Newton (1642-1727) aanvaar, onder andere in die formulering van sy drie bewegingswette en swaartekragwet. Sy grootste werk bevestig die basiese plek van wiskunde in sy fisika deur die titel: Mathematical principles of natural philosophy.

Na Galileo se ontdekking van die isochronie (gelykdurigheid) van die slingerklok het tyd 'n fundamentele meetbare grootheid geword. Dit is daardie tyd, die tyd van ons horlosies, waarvolgens elkeen van ons vandag leef. Hierdie abstrakte tyd, tyd wat ons uit die fisiese werklikheid onttrek het, het Newton 'n wiskundige parameter in sy bewegingsvergelykings gemaak. Newton het sodoende horlosietyd na die heelal uitgebrei deur planetebeweging in terme van horlosietyd te beskryf. Daarom kan ons vandag met 'n presiese noukeurigheid byvoorbeeld die tydstippe waarop die vier mane van Jupiter agter die planeet verdwyn, voorspel, asook tydstippe van sons- en maansverduisterings.

Horlosietyd het ook deel van geologie en kosmologie geword. Gevolglik word geologiese en kosmologiese strukture en gebeurtenisse vandag fisies-wiskundig beskryf in terme van horlosietyd, wat lineêr met 'n konstante tempo na die verre verlede en onvoorsienbare toekoms uitstrek. Die resultaat is ouderdomme tot duisende-miljoene jare; ouderdomme wat vir ons 'n werklikheid is, net soos horlosietyd vir ons 'n lewenswerklikheid is. Hierdie werklikheid is egter gesetel in Plato se ideëleer en kan nie as ware kennis aanvaar word nie. Dit is geïdealiseerde kennis en geen reële feite nie.

## Voorkoms van lewe

In die oudste gesteentes op aarde word fossiele van mikrobes (archaea en bakterieë) gevind, wat beteken dat hierdie mikrobes geleef het toe die eerste gesteentes sowat 3 800 miljoen jaar gelede gevorm is (volgens horlosietyd wat lineêr terug verleng is). Hierdie mikroskopiese organismes was die enigste lewe op aarde vir sowat 84 % van die geologiese tyd toe, 550 miljoen jaar gelede gedurende die Kambriese Tydperk, ewe skielik oor 'n relatief kort periode van 10 miljoen jaar makro-organismes met al die bouvorme (filums) van diere, wat ons vandag ken, verskyn het. Sedertdien het geen nuwe filum verskyn nie. Al die diere wat hulle verskyning toe gemaak het, het tot vandag onveranderd gebly.

Sedert Darwin het evolusioniste na 'n fossielepad gesoek waarlangs die mens vanaf elementêre soogdiere kon ontwikkel het. Volgens die paleontologie het die eerste 'aapmens' *(Homo habilis)* sowat 2 miljoen jaar gelede op aarde verskyn, daarna *Homo erectus*, toe *Homo sapiens* (waaronder die Neandertal) en laastens, sowat 10 000 jaar gelede die *Homo sapiens sapiens*. Oorgangsmateriaal van die een na die ander word nie gevind nie, ook nie in DNS nie. Uit wetenskaplike publikasies blyk dit dat die evolusie van die mens uit die dier nie deur feitelike materiaal onderskraag word nie, maar deur menings van individuele paleontoloë gedra word.

Daar is wel oortuigende argeologiese materiaal vir die bestaan en kultuuraktiwiteite van die intelligente mens, die *Homo sapiens sapiens*, wat as graan- en veeboere gesorg het vir opbrengste, waaruit handel en nywerhede sedert ongeveer 10 000 v.C. ontwikkel het. Die jongste navorsingsresultate begin al hoe meer daarop dui dat die vorige drie groepe (die *H. Habilis, H. Erectus* en *H. Sapiens*) ook gewone mense kon gewees het met spraak en kulturele aktiwiteite. Die evolusioniste sal egter nie maklik afsien van hulle geloof in geleidelike ontwikkeling oor miljoene jare vanaf die dier na die mens nie.

## Strukturele eenheid van die heelal

Ons melkwegstelsel (galaksie) met sy miljarde sterre vorm 'n strukturele eenheid vanaf die binnenste kerngebied met sy neutron-steraktiwiteite, wat die spiraalarms voed met plasmawind en magneetvelde, tot die buitenste sterre. Die onderlinge koppeling van al die sterre geskied deur gravitasie-, magnetiese en elektriese velde en plasmawinde, wat ook medebepalend is vir die vorm en aard van die heliosfeer, die son se invloedsfeer, waarbinne die aarde in sy baan beweeg. Ons melkwegstelsel as strukturele eenheid is weer – volgens ons huidige insigte – fisies gekoppel, eerstens met ons galaksiegroep, en dié weer met supergroepe, almal deur gravitasie-, magnetiese en elektriese velde.

Ons kennis van die heelal is nog baie onvolledig, maar dit kan tog tot 'n redelike mate van sekerheid gesê word dat as die heelal stukkie vir stukkie opgebou was, die heelal eers sy funksionele eenheid sou verkry het nadat al die dele daar was. Die heelal kon deur bonatuurlike handelinge van God tot 'n geheel geskape gewees het, wat, soos die Bybel dit verhaal, in die vierde skeppingsdag voltooi is, of dit kon oor duisende miljoene jare vanaf die oerknal gevorm gewees het volgens die wetenskap.

## Kennis van God

Die primêre doel van God se Woord is nie om aan ons te vertel hoe die natuur werk nie. Waarom sou God aan ons dinge openbaar as ons dit self kon uitgevind het, byvoorbeeld deur die natuurwetenskaplike metode?

God wil deur sy Woord aan ons inligting van dinge gee wat ons nie op 'n ander wyse kan bekom nie, soos dat God alles geskep het, dat God man en vrou na sy Beeld geskep het, dat die mens in sonde geval het, dat God ná die sondvloed sy verbond met die mens hernu het, dat die mens deur Christus se lyding en kruisiging met God versoen is, en dat die verloste mens op grond van die opstanding en hemelvaart van Christus die hoop het op 'n nuwe verheerlikte lewe ná Christus se wederkoms en herskepping van hemel en aarde. Hierdie eenmalige gebeurtenisse kan nie deur die natuurwetenskaplike metode ontdek word nie. Dit lê op die vlak van die geloof.

Die Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing vir natuurwetenskaplike ondersoek sluit hierby en by Calvyn se eerste vraag in sy Kategismus aan: 'Wat is die vernaamste doel van die menslike lewe?' Calvyn se antwoord: 'Om kennis te verkry van God, wat ons geskep het'. Hierdie kennis van God word in die eerste artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis opgesom: 'God is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is'. Uit dit wat ons deur die natuurwetenskaplike metode van God se skepping ontdek, leer ons God as Skepper ken, wat elke ding kunstig en met oorleg ontwerp het en dat elke ding, ook die verskillende manifestasies van tyd in die skepping, aan God se doel moet beantwoord. Die mens is maar 'n klein stippeltjie in 'n enorme groot heelal.

Met die lewe en kultuur van die mens gefundeer in die Skrif, stel die reformatoriese belydenis op 'n kragtige wyse die christelike beskouing teenoor dié van ongeloof en van wêreldse (sekulêre) beskouing met betrekking tot die betekenis van lewe, asook die oorsprong en doel van alles wat bestaan, insluitend die mensdom en sy poging om sonder God sy eie heil uit te werk.

## Bronne

Buskes, JJ. De catechismus van Calvijn (1545). Bosch en Keuning. Baarn.

Davies, Paul. The cosmic blueprint. Penguin Books. London. 1987.

Davies, Paul. The mind of God. Penguin Books. London. 1992.

Davies, Paul. About time. Penguin Books. London. 1995.

Kauffman, Stuart A. At home in the universe, A search for laws of self-organization and Complexity. Oxford University Press. 1995.

Pearcy, NR and Thaxton CB. The soul of science – Christian faith and natural philosophy. Crossway Books. Wheaton, Illinios. 1994.

Stoker, PH. Skepping en evolusie – 'n Filosofiese besinning oor tyd, ruimte en materie. In: Ad Fontes, Red. EA de Boer en VE d'Assonville, Acta Theologica Supplementum 5. Universiteit van die Vrystaat. 2004. p 292-317.

Stoker, PH. Christian ethics and the concept of creation. Philosophia Reformata 71. 2006. p 132-144.

Stoker, PH. Besinning oor die aard van die fisiese werklikheid. Koers 71 (1). 2006. p 1-16.

Stoker, PH. Wat is tyd? Tydskrif vir Christelike Wetenskap, Jaargang 44. 2008. p 89-113.

**AKTUEEL**

**Prof LF Schulze,** Potchefstroom

# Die aanloop en die afskop

## *Vooruitgangsgeloof en evolusionisme*

### Vooruitgangsgeloof

In die vroeë jare van die dekade 1860 het die Franse filosoof Etienne Vacherot (1809-1897) in die Revue de Paris die geestesklimaat van sy tyd in 'n neutedop saamgevat. Hy het geskryf: Ons hou vas aan die dogma van die vooruitgang soos 'n gelowige vashou aan sy geloof. Niemand sal dit ons ontruk nie. Dit is die eerste waarheid van ons religie.

Soos die Engelse hul *Oxford Dictionary* het, het die Franse hulle *Larousse Encyclopedie.* In 1866 het Larousse in sy ensiklopedie onder die artikel Vooruitgang (Progrès) die volgende te lese gegee: In ons tyd – as 'n mens die droefgeestige of blinde geeste wat volstrek onwetend omtrent die geskiedenis is, of hulle wat oor 'n onmoontlike terugkeer na 'n definitief begrawe verlede droom, uitsonder – heers die universele geloof dat die vooruitgang die wet van die gang van die menslike geslag is.

Laat ons goed hierop let: in die negentiende en vroeg-twintigste eeu het ons te doen met die godsdiens van die vooruitgang. Na die katastrofe van twee wêreldoorloë klink hierdie optimisme taamlik vreemd in ons ore – ons wat in 'n sogenaamde postmoderne wêreld leef waar geen 'groot verhale' en absolute waarheid meer is nie, maar slegs (persoonlike) standpunte.

Vooruitgang het filosofiese gestalte gekry in die werke van Hegel (1770-1831), waar die absolute Gees langs die steeds stygende slingerpad van tese, antitese en sintese tot selfbewussyn kom. Marx (1818-1883) het Hegel se visie verstoflik tot 'n ekonomiese en sosiale stryd van die kapitaliste of besittersklas (tese) wat die verset van die werkersklas oproep (antitese) om eindelik uit te loop op die vreedsame klaslose maatskappy (sintese). Darwin (1809-1882) het die visie verdierlik tot 'n biologiese vooruitgangsgeloof.

Dit word dikwels voorgestel asof evolusionisme die uitsluitlike briljante ingewing van Darwin was. Dit was nie. Sy belangstelling in die vraagstuk van evolusie is reeds in sy jong jare gewek, onder andere deur die werk van sy oupa, Erasmus Darwin (1731-1802). Laasgenoemde was mediese dokter en het 'n werk geskryf met die titel *Zoonomia; or the laws of organic life*. Na Erasmus se dood het 'n tweede werk, *The Temple of Nature*, verskyn. In albei werke het die oupa reeds die evolusiegedagte verkondig en sy verklaring daarvan kon op menige punt in dié van sy kleinseun later teruggevind word. Verder was daar ook die chemikus en dierkundige Edward Blyth, wat in die jare 1835-1837 reeds dokumentasie oor evolusie gepubliseer het. Darwin was bekend met hierdie werk en het met Blyth gekorrespondeer. Wanneer Darwin sy *The Origin of Species* meer as twintig jaar later (in 1859) die lig laat sien, staan hy self op die skouers van 'n hele paar voorgangers.

Die wortels van die vooruitgangsgeloof self lê reeds in die agtiende-eeuse Verligting, toe die mens homself mondig verklaar het en (in die woorde van die filosoof Kant) begin 'waag het om te weet'. Met die krag en suiwerheid van sy verstand kon die mens die natuur indring en die geheimenisse daarvan verklaar. Vooruitgang is ook rasioneel gefundeer en was deel van die optimistiese mensbeskouing. Wat nie verstandelik verklaarbaar is nie, het nie bestaan nie en was mites, soos in de geval van baie Bybelse verhale. In hierdie oorheersend antigodsdienstige klimaat het die Bybel tweede gekom wanneer die mens met sy rede daarop toeslaan.

'n Kenner van die Verligting (Peter Gay) teken die geestesklimaat soos volg: 'The Old Testament, which had served countless generations

as an authoritative witness, was in decline: the philosophers used it neither as revealed truth nor as authentic history but as an incriminating document. It revealed, if it revealed anything, the vices of the Chosen People and the tainted sources of the Christian religion' (The Enlightenment. An Interpretation, 1967:87).

Oor Voltaire se aanval op die christendom draai Gay nie doekies om nie: 'Painstakingly, with grave hostility and alert intelligence, Voltaire and madame du Châtelet studied every verse of Holy Writ, using commentaries, higher criticism, deist propaganda, and their own secular common sense to single out the cruelty of the Chosen People, the inanity of the miracles related in the New Testament, the contradictions and incoherences that mark many of the books of the Old Testament'. Tog wou Voltaire nie die Bybel weggooi nie. Hy wou dit van bygeloof suiwer. Dit moet gelees word vir wat dit werklik is – 'n monument van die menslike gees.

Lanson stel Voltaire se opvatting só: 'Humanly speaking, the Bible is fascinating reading, like Homer; and Jesus is a rustic Socrates. But the time to adopt this point of view had not yet arrived. The first task was to destroy in men's minds the prejudiced notion of divinity, the habit of blind respect that gave the Bible and the New Testament a place apart among the monuments of the human spirit. This explains the reason for the form of Voltaire's attack, *and the fact is that it proved effective* (eie kursivering)'.

Die nuwe mensbeskouing van die Verligting het gepaard gegaan met 'n nuwe godsbeskouing, soos Calvyn ons reeds geleer het. Voltaire wou byvoorbeeld nog 'n verre deïstiese god erken wat die heelal soos 'n horlosiemaker gemaak het en die mens se sedelikheid waarborg. Die natuur, wat op eie wetmatighede funksioneer, kan egter bestudeer en met die verstand verklaar word. Optimisme kry gestalte in die Universele Verklaring van Menseregte (VSA, 1776) en die Franse Revolusie (1789).

Wanneer vooruitgang nie meer redelik verklaar word nie, maar 'n blinde geloof word, verdwyn selfs die deïstiese god van de Verligting in die niet van die godloosheid. Wat bly, is die hardnekkige oortuiging dat alles wat bestaan, redelik verklaarbaar is en moet wees. Die eerste Bybelse waarheid wat gesneuwel het, was die erfsondeleer.

Dit is die agtergrond waarteen ons die negentiende eeu en Darwin se optrede moet sien. Trouens, Darwin het self hierdie optimisme in *On the Origin of the Species* gehuldig: 'As natural selection works solely by and for the good of each being, all corporeal and mental endowments will tend to progress towards perfection'.

## Evolusionisme

Materie en materialisme moet duidelik onderskei word. Materie, of die stoflike dinge, bestaan. Dit weet ons almal. Maar om alles wat bestaan (ook byvoorbeeld geestesprosesse) in terme van materie te wil verklaar, is 'n verskraling (reduksie) van die kosmiese verskeidenheid in 'n geforseerde eensydigheid. Dit is materialisme – die oortuiging dat net die materie bestaan. So moet ons ook onderskei tussen evolusie en evolusionisme. Evolusie beteken uitwikkeling (soos 'n mot uit 'n papie) of ontwikkeling in die sin van aanpassing. Plante in droë gebiede gaar vog in hulle blare op; die perd het vroeër korter bene gehad. Om die ryke vorme van lewenssoorte (geskat op ongeveer ses miljoen!) net uit evolusie te wil verklaar, is eweneens 'n verskraling (reduksie) van die verskeidenheid in 'n geforseerde eensydigheid. Dit is evolusionisme – die oortuiging dat net evolusie bestaan en alles kan verklaar.

Nog 'n slakkie moet sout kry: die hardnekkige, slordige manier waarop geleerde artikels en studieboeke praat, byvoorbeeld van 'die meganisme van groei' of 'die meganisme van asemhaling'. Dit is onsinnig. 'n Meganisme, soos 'n fiets, 'n binnebrandenjin of 'n koffiemaker kan nie groei nie en het die mens nodig om gemaak te word én om te funksioneer. Bowendien is 'n meganisme gelyk aan die som van sy onderdele. 'n Organisme besit die geheim van lewe, is nie gelyk aan sy onderdele nie en het nie die mens nodig om te funksioneer nie. Om asem te haal is 'n organiese proses en geen meganisme nie.

Volgens evolusioniste het die proses in bepaalde stappe ontwikkel:

- Lewe het spontaan ontstaan uit lewelose, anorganiese stof, onoorsienbaar lank gelede.
- 'n Eenvoudige enkele sel ('simple single cell' – ons kom later hierop terug) het vorm aangeneem deur interaksie van drukking, water (miskien modder), chemikalieë, temperature, en so meer. Die eerste lewensvorme sou in water gevind word.
- Die eenvoudige sel het vermenigvuldig en in nuwer lewensvorme gesplits: tweesellige organismes, tiensellige spesies, honderdsellige spesies, ensovoorts.
- Na verloop van ontelbare miljoene jare het van hierdie organismes tot visse met kiewe ontwikkel.
- Met die verloop van nog miljoene jare het sommige visse land toe beweeg en daar deur toevallige 'mutasies', 'natuurlike seleksie' en die 'oorlewing van die sterkste' stadigaan oor miljoene jare longe in die plek van kiewe begin ontwikkel.
- Toevallig het daar gaandeweg verskillende vorme van landdiere ontwikkel.
- Met die verloop van nog baie miljoene jare het 'n vertakking van die landdiere stadigaan begin vlerkies kry en die vermoë om te vlieg ontwikkel, terwyl 'n ander vertakking eventueel tot volgroeide mans en vrouens uitgegroei het.
- Van die eenvoudige enkele oerselle het uit die staanspoor reeds 'n ander koers gevat. Hierdie vertakking het gaandeweg tot miljoene plantspesies uitgegroei.
- Die ontwikkeling van organe (hart, lewer, ensovoorts) het deur die sogenaamde proses van 'natuurlike seleksie' tot stand gekom. So was die oog oorspronklik niks meer as 'n klein, onskuldige ligsensitiewe selletjie op die oppervlakte van die vel nie. Oor miljoene jare van vooruitgang het dit die hoogs

komplekse orgaan geword wat sig moontlik maak.

- Vooruitgang van een toestand na die volgende is deur bepaalde (biologiese) prosesse verkry.

Evolusie vind plaas in geleidelike, onmerkbare en onmeetbare klein verbeterings van een stadium na die ander oor miljoene der miljoene jare.

Soorte verbeter geleidelik deur die oorlewing van die sterkste en mees aangepaste enkelinge.

Hoër ontwikkelde soorte het ontstaan deur die erflike voortplanting van verworwe fisiese eienskappe.

Bloot toevallige 'mutasies' het gesorg vir die verskeidenheid van soorte (spesies) en organe.

Hierdie proses was stabiel en altyd voortgaande oor ontelbaar miljoene jare.

Bogenoemde punte is 'n samevatting van die oorspronklike en grondliggende begrippe van die evolusieteorie. Met verloop van tyd is baie veranderinge aangebring, omdat aspekte van die teorie soms verkeerd en ander kere onwerkbaar gevind is. Dan is nuwe begrippe gevind en geboetseer om in die plek van die oues te dien en nuwe krag aan die teorie te verleen. So byvoorbeeld is Lamarck se idee dat verworwe eienskappe oorerflik is, heeltemal laat vaar as wetenskaplik onhoudbaar. Ook die teorie dat die eerste eenvoudige oersel uit lewelose materiaal ontstaan het, word vandag net saggies gesê of liefs geïgnoreer, hoewel sommige evolusioniste nog aan hierdie 'dogma' vashou.

Die teëspoed het gekom toe Miller en Urey in die jare '50 eksperimenteel wou 'bewys' dat die chemiese boublokke vir lewe uit die regte gasmengsel kon ontstaan het wanneer 'n elektriese vonk daardeur gestuur word. By die oersel sou weerlig in die regte chemikalieë die lewenskiem veroorsaak het. Hulle het 'n paar anorganiese verbindings gekry maar geen spoor van 'n lewenskiem nie. Die ander eina was dat die eksperiment uitgevoer is met die veronderstelling dat daar in die oeratmosfeer geen suurstof was nie. Suurstof sou hulle mengsel van metaan, waterdamp en stikstof laat ontplof het. 'n Dekade later het twee Britse geoloë aangetoon dat rotslae wat veronderstel is om 3.7 miljoen jaar oud te wees, reeds ysteroksied bevat, iets wat suurstof se teenwoordigheid bewys. Dit is hierdie twee wat die oortuiging dat lewe uit lewelose stof spontaan ontstaan het, 'n 'dogma' noem.

Na die verskyning van Darwin se boek in 1859 het die groot soektog na die vermiste skakels begin. Daar is ongelooflik wyd – wêreldwyd – en intensief in die res van die negentiende eeu na die vermiste skakels gesoek. Daar is in alle lande geskiet en geboor, gebeitel en gesif. So is op 'n baie ou rotslaag (die kambrium, volgens evolusioniste 550 miljoen jaar oud) afgekom, wat tot oormaat van ramp die oorblyfsels van 'n groot verskeidenheid lewensvorme geherberg het – lewensvorme wat gelyktydig was!

Hierdie gegewens het Darwin diep ontstel en sommige van sy navolgers gedwing om alternatiewe verklarings te soek. Darwinisme was teen 1900 feitlik finaal op die ashoop toe Hugo de Vries op Mendel se erflikheidsleer afgekom en genetiese variasie met die term mutasie aangedui het.

Dit het evolusionisme gered, wat voortaan op die twee bene van toevallige mutasies en oorlewing van die sterkste sou loop.

Afsluitend die opmerking dat dit hopelik gaandeweg duidelik geword het dat evolusioniste onderling baie kan verskil en mekaar selfs kan bestry. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het meer as 'n handvol van die mees vooraanstaande evolusioniste hulle geledere verbreek om elk sy eie variasie op evolusie te leer. Onthou dus: as twee evolusioniste dieselfde sê, is dit nog lank nie dieselfde nie.

'n Laaste opmerking: evolusionisme het ander wetenskappe, soos sterrekunde en aardkunde, op sleeptou geneem. So is die breuk tussen 'wetenskap' en geloof wat die Verligting begin het, voltooi. Hierdie kloof, wat vir ons so gewoon lyk, was nie altyd daar nie. Aardkundiges vóór Darwin het nog 'n 'jong', geskape aarde aanvaar. Die groot wiskundige en sterrekundige, Keppler (oorlede in 1630), het die Skepper erken en geëer.

Hoe nóú godsdiens en wetenskap aan mekaar verbind was, blyk uit 'n gebed wat van Keppler bewaar gebly het: 'Ek dank U, Skepper en Here, dat U my hierdie vreugde, hierdie genot in die werke van u hande geskenk het. Ek het die heerlikheid van u werke aan die mense bekend gemaak, vir sover my eindige gees u oneindigheid mag verstaan. Waar ek iets gesê het wat U onwaardig is, of my eie eer sou gesoek het, vergeef dit genadiglik'.

**Dr JM van Tonder,** Krugersdorp

# Kultuurontwikkeling in die kerk

Die gemeenskap is die belangrikste deel van die individu se omgewing. Die gemeenskap is 'n geordende groep met 'n kenmerkende aard en geesteshouding wat as kultuur bekend staan. Die 'Doppers' van die Oosgrens was 'n duidelike voorbeeld hiervan. Die individu is slegs tydelik en verbygaande in die gemeenskap. Daarom pas die individu hom hierby aan. Gewoontes, styl en manier in hierdie gemeenskap loop uit op beproefde en bindende instellings wat kenmerkend word van daardie groep. In hierdie gemeenskap behou die individu sy eie persoonlikheid, maar tree binne die norme en waardes van die gemeenskap op.

Die vestiging aan die Kaap was Nederlands. Die latere Engelse bewind sowel as die Franse Hugenote en Duitsers het die kultuurontwikkeling in die Kaap beïnvloed.

Vandag leef die idee dat tradisies wat deur die eeue gevorm is, uitgedien is. Teenoor die tradisies staan dan die 'moderne mens' met sy wetenskaplike twyfel. Is 'n gebruik vandag nog sinvol, of moet dit vervang of verander word? Op kerklike vlak het hierdie gebeure duidelik na vore gekom in al die redenasies oor die vrou se hoed in die kerk. Maar dit gebeur nie in een dag dat 'n tradisie met 'n nuwe vervang word nie. 'n Volk se kultuur is 'n deureengeweefde patroon van wording en verandering; vervaging van die oue en ontwikkeling van die nuwe – 'n ingewikkelde patroon van aksie en reaksie. Hierin speel die uiterstes (kom ons noem dit konserwatisme en liberalisme) 'n bepaalde rol om die balans van gematigde verandering te bring.

Alles wat nuut is nie noodwendig goed nie, en alles wat konserwatief is, is nie noodwendig sleg nie. So ook die teenoorgestelde. Dit werk soms verdelend op die gemeenskap in. Die liberale ontwikkeling in die Kaapse Kerk het gemaak dat die 'Doppers' al hoe vaster aan die oue gehou het en meer 'vervreemd' geraak het van die Kaapse Kerk. In Transvaal sou dit uitloop op die stigting van die Gereformeerde Kerk.

Verandering en verwisseling was nog altyd tekens van die tyd en sal so bly, anders sal alles stagneer. Verandering op godsdienstige gebied vind stadiger plaas as in die alledaagse lewe. Jy sal 'n ver pad met 'n 'Dopper' kan gaan, maar netnou sal hy stop en vra: Waar is Dordt nou?

In die volgende grepies uit die geskiedenis sal aangetoon word hoedat hierdie deureengevlegte patroon van wording en verandering sy invloed op kerklike gebied gehad het onder andere in simboliek wat oorgeneem is sonder dat die oorspronklike betekenis vandag waarde het.

## Rang en stand in die kerkgebou

Waarskynlik het die gebruik dat vroue apart in die kerk moet sit, reeds uit die dae van die sinagoge gekom, waar net mans toegelaat is. 'n Nederlandse bron beweer dat dit uit die tyd van die Spaanse oorheersing in Nederland kom – vroue sit in die middel van die kerk, en die mans aan die kante vir beskerming. Uit die tyd van die Reformasie is daar 'n tekening van 'n gereformeerde nagmaal waar slegs die vroue aan die tafel sit en die manne rondom teen die muur. Hierdie gebruike het deur die geskiedenis tot in Suid-Afrika geloop met verskillende variasies in verskillende gemeentes.

### *Kaapstad*

In die eerste kerkgebou, wat buite die Kasteel gebou is, is alles volgens rang en stand gereël. Die vloer het uit 'tichelsteenen' (vierkantige vloerstene) bestaan. Rondom teen die muur was banke vir die mans en in die middel was stoele vir die dames. Hierdie stoele kon vir die koster groot hoofbrekens besorg, want elkeen moet volgens stand (die man se stand in die administrasie) geplaas wees. Maklik kon in die kerkgebou 'daarover gekyven worden'. Ds Faure spreek sy afkeur uit oor die steurnis wat die 'Vrouelyke Sekse' veroorsaak deur mekaar van hul sitplekke op te jaag. Die kerkraad besluit dan ook dat daar voortaan na die derde gelui, 'geen opjaging van zitplaats zal mogen geschieden'.

Die mans het ook, volgens stand, elkeen sy bepaalde sitplek gehad. Teen die vier pilare van daardie eerste steen kerkgebou was eikehout stoele; drie trappe hoog met 'n deurtjie vir die hoogstes in rang. Aan die regterkant van die predikant was die banke vir die ouderlinge en aan die linkerkant dié van die diakens.

Lady Anne Barnard skryf hoe sy sien dat gesette vroue met hulle dogters (mooi skraal, net tot op vyf-en-twintig) kerk toe stap; elk met 'n slaaf aan die sy wat 'n groen sambreel bo-oor hulle moet oophou. Hierdie slawe moet dan tydens die diens buite wag, soms met so 'n groot rumoer dat die polisie ingeroep moes word. Na die diens moet die stoele en gesangboeke deur die slawe uit die kerk verwyder word. Volgens 'n regeringsbesluit van 1676 moes die vroue self hulle gesangboeke uit die kerk dra, om die onordelikheid van slawe en slavinne wat by die kerkgebou in- en uitstroom te stop. Nie alle dames was met hierdie standvernederende besluit gediend nie.

### *Ventersburg*

Die kerkraad van Ventersburg het op 10 Augustus 1877 aanbeveel dat elke lidmaat 10/- (R1,00) vir sy sitplek moet betaal en dat mans en

vroue afsonderlik sal sit. Banke sal volgens ouderdom uitgegee word; die oudstes voor en hoe jonger, hoe verder agtertoe. Die mans links, die vroue regs en die kinders op die galery. In sommige gemeentes kan vandag nog name op sitplekke gevind word waar die lidmaat sy of haar sitplek gekoop het.

Regs en links langs die preekstoel was 'n paar rye kort bankies. Die voorstes regs vir sewe ouderlinge en agter hulle bejaarde en bekende manne. Links vir sewe diakens en agter hulle vir die oudste moeders. Daar is nog van ons ouer lidmate wat kan vertel van die verdeling in die kerk. In sommige gemeentes was daar 'n duidelike opening in die middel van die kerk op die banke gehou om die manne en vroue te skei.

In Pretoria het president Kruger op sy stoel voor in die kerk gesit terwyl sy vrou, tant Gezina, voor die diakenbanke gesit het. In die meeste gemeentes, indien nie in almal nie, was die nagmaal ook geskei.

## Die koster

Die rol van die koster was vroeër nie net om die kerkgebou skoon te hou en oop te sluit nie. Hy het ook 'n bepaalde funksie by begrafnisse gehad en is soms die grafbidder genoem. Vanweë hulle afsondering het hierdie funksie van die koster langer by die Afrikaners in Angola in gebruik gebly, as in Suid-Afrika.

Die koster kon 'n ouderling wees, of 'n oud-ouderling, 'n belangrike persoon in die gemeenskap of selfs 'n predikant. So het Van der Smit, lidmaat van die Hervormde Kerk in Angola, gevra dat ds Biewenga (predikant van die Gereformeerde Kerk in Que, Angola) op sy begrafnis koster sou wees.

Die taak van die koster met 'n begrafnis was om alles te reël. Eerstens het hy die begrafnisbrief of doodsbekendmaking opgestel en dit na die bure en vriende gestuur om hulle van die afsterwe te verwittig en die begrafnistyd bekend te maak. Hierdie begrafnisbrief is gewoonlik op 'n vel wit papier geskryf en in 'n koevert geplaas wat 'n swart rand gehad het. So het die ontvanger vooraf geweet wat om te verwag.

Die begrafniskennisgewing het later in die hedendaagse begrafnisbrief oorgegaan. Die bewoording was altyd min of meer soos volg:

*Dit het die Heer van Lewe en Dood behaag om van ons weg te neem*

*Stefanus Johannes Venter in die ouderdom van 71 jaar 4 maande en 3 dae,*

*op Dinsdag 21 Maart 1896.*

*Die begraafnis word gehou op Vrydag 24 Maart*

*om drie uur op die plaas van Stefanus Venter.*

Die name van die draers is soms ook vermeld en wie as koster optree. In die dorp was dit vanselfsprekend dat die begrafnis vanuit die kerkgebou sou plaasvind.

Die mense was baie daarop gesteld dat hulle so 'n kennisgewing persoonlik ontvang. Anders gaan hulle nie na die begrafnis nie, omdat hulle nie genooi is nie. Dit kon kwaaivriendskap veroorsaak.

Die koster moes ook toesig hou oor die grawe van die graf en dat die nodige toue of rieme daar was om die kis te laat sak. Hy het, in oorleg met die familie, die orde van die stoet bepaal. Soms is hy gevra om 'n grafrede te hou – predikante was nie altyd beskikbaar nie. Hy het dan ook die mense laat sing. Dit was die voorreg of plig van die koster om die eerste grond op die kis te gooi. Hierna het hy die aanwesiges namens die familie bedank en hulle gevra om aan die weduwee of wewenaar en kinders in die gebede te dink. Op die dorpe het die koster die begrafniskennisgewing self van huis tot huis geneem. Dit was 'n besondere eer en verantwoordelikheid om as koster vir 'n begrafnis gevra te word.

Teen 1850 was 'koster' 'n pos in die gemeente. Hy was voltyds in diens van die kerkraad. Hy het die kerkgebou en terrein skoongehou en was die amptelike klokluier. In daardie dae was daar 'n 'voorleser' wat die introïde psalm aangekondig het, die geloofsbelydenis en die wet gelees het en soms ook die skriflesing behartig het. Dit was dan die koster se taak. Hy het die lidmaat- doop- en huweliksregisters op datum gehou en die gelde daarvoor hanteer. In daardie jare is daar ook sitplekke in die kerkgebou gekoop. Hierdie gelde moes deur hom ontvang word.

## Die haan op die kerktoring

Dit het niks met die haan in die geskiedenis van Petrus se verloëning van Jesus te make nie. Daar is ander simboliek aan verbonde. Wie daarmee begin of daaroor besluit het is nie bekend nie, maar reeds vroeg in die geskiedenis het die haan sy verskyning op kerktorings gemaak.

### *Simboliek*

Volgens die Nederlandse bron *Veel vragen ... een antwoord* kom daar gewoonlik drie simbole saam voor, naamlik die bal, die kruis en die haan. Hierdie drie is dan simbool van sonde, verlossing en waaksaamheid; op die spoor van die Heidelbergse Kategismus se indeling van ellende, verlossing en dankbaarheid.

Die bal sou teken wees van die vrug wat Eva in die Paradys geneem het. Vir die simboliek is aanvaar dat dit 'n appel was. Die bal is dus beeld van die sondeval. Bo-op die bal is 'n kruis geplaas as teken van die verlossing uit die mag van die sonde. Bo-aan die kruis is 'n haan geplaas. Dit moes die mens daaraan herinner om waaksaam te wees, soos die haan wat die eerste, voor sonsopkoms, al wakker is. Die haan is gesien as verdrywer van die duisternis en die bose. Iemand het die drie beskryf as 'Die eerste Adam, die tweede Adam en die Evangelie'. Die kerktoring het gewoonlik hoog bo die dorp uitgestaan. Die mens wat dit raaksien moes deur hierdie drie simbole weereens tot dankbaarheid gebring word. Van die oudste kerkgeboue in die land het twee of al drie van hierdie simbole.

Geleidelik het die simboliek vervaag en is die haan alleen op die toring geplaas om die windrigting aan te dui, met noord, suid, oos en wes as vaste punte op die toring. In die vroeë sestigerjare het Romeinse swaarde, visse en selfs indrukwekkende kruise ook hulle verskyning op kerktorings gemaak. In die Wes-Kaap is 'n kerkgebou met 'n koringgerf op die toring. Een gebou het 'n troffel op die toring.

Ventersdorp se NG Kerkgebou het 'n 'engel' met 'n trompet op die toring. Op Ysterplaat het 'n gemeente in 1960 'n reuse kruis op die toring aangebring, tot ontsteltenis van sommige inwoners. Die NG Kerk se kerkblad *Die Voorligter* lewer die volgende kommentaar: '... die kruis staan sentraal in die lyding van die Here Jesus'.

*Lutherse kerkgeboue*

Op Lutherse kerkgeboue is gewoonlik 'n swaan geplaas. Die oorsprong van die idee is nie seker nie. Sommige meen dat dit na Johannes Huss se rol in die Hervorming verwys. Huss sou 'gans' beteken. Toe Huss op die brandstapel sterf het die gans plek gemaak vir die swaan wat dan Luther sou wees. 'n Ander verklaring sê dat dit die Lutherse Kerk herinner aan die legende van Lohengrin. Daar was die swaan die middel om die Bruid uit die gevangenis te bevry. So het die swaan die simbool geword van die vrymaak van die kerk uit die slawerny van die Roomse Kerk.

## Die kerkklok

Die gebruik van klokke, of eerder klokkies kom vroeg in die geskiedenis voor. By die antieke Egiptenare is klokke gebruik in die godsdiens van Osirius. Die klok was in die vorm van 'n ghong of klein simbaal. Moses, wat hier groot geword het, moes hierdie gebruik geken het. In Eksodus 28:33 lees ons dat die Here aan Moses opdrag gee om klokkies en granaatjies aan die soom van die hoëpriester se kleed vas te werk.

In die Romeinse geskiedenis is daar nie bewyse dat klokke spesifiek vir godsdiens gebruik is nie, maar eerder vir oorwinningsfeeste. Natuurlik was die fees ook 'n danksegging aan een of ander god. Soms is klokke as deel van die optog op 'n strydwa gemonteer.

Eers in die christelike godsdiens het klokke 'n besondere rol gespeel. Daar word beweer dat die eerste kerkklok gebruik is om die monnike wakker te maak en die gelowiges na die erediens op te roep. Klokke het later bepaalde gebedstye asook naderende gevaar aangedui. Klokke het al groter geword en kerkgeboue het kloktorings gekry. Geleidelik het die kerkklok 'n steeds belangriker rol in die gemeenskap gekry, veral om tyd aan te dui (daar was nog nie polshorlosies of wekkers nie). In die Oosterse kerke is klokke vanaf die negende eeu in gebruik. Van die grootste klokke is vandag in Rusland.

In die Kasteel in die Kaap is 'n klok aangebring wat tyd en spesiale geleenthede aangedui het. Op die plase is spoedig slaweklokke ingestel. 'n Interessante stukkie geskiedenis kom van die sendingstasie Genadendal. Hulle het in 1793 'n eie kerkklok gekry, maar word deur die gemeente van Stellenbosch vermaan om dit te nie gebruik nie, want dit sou verwarring vir die lidmate van Stellenbosch meebring. Stellenbosch en Genadendal is bykans 100 km uit mekaar. Die klok is eers vanaf 1798 gebruik.

Koerantberigte in die jare '70 vertel van protes in die stede teen die lui van kerkklokke. Waar kerkgeboue tussen woonstelgeboue staan – wat gewoonlik na die kerkgebou daar gekom het – het die beswaar gekom dat kerkklokke hulle Sondagsrus versteur.

Hoewel klokke vroeër bykans 'n noodsaaklike deel van enige kerkgebou was, het die gebruik vanweë hoë koste al minder geword. Die gebeier van klokke op 'n stil Sondag doen tog iets in jou.

## Die ampsgewaad

Calvyn het gemeen 'n deftige drag van die tyd vir die ampsgewaad is voldoende. Luther het 'n toga met 'n wit koorkleed gedra. In 1840 voer die Lutherse Kerk in Nederland die toga sonder 'n koorkleed in. Dit word later die ampsdrag van die Hervormde en Gereformeerde Kerke. Teenstanders van die toga meen dit verhef die predikant bo ander lidmate, terwyl die voorstanders meen dit is passend vir die bediening van Woord en sakramente.

Uit hierdie agtergrond het ds Postma na Suid-Afrika gekom. Hy vertel dat hy, soos Van Riebeeck nog 'n driepuntige hoed, rok en 'n hemp moes dra, met 'n swart kniebroek met gespes op die knieë en lang swart kouse. Hy het sy driepuntige hoed in die Kaap aan ds S Hoffmeyer as 'n aandenking gegee. Ds Postma vertel dat hy by een geleentheid in Rustenburg met die kniebroek, swart kouse en wit hemp gepreek het. Hy kon die vermaak op die gesigte van die lidmate sien. Die kerk in die Kaapkolonie was gesteld op die ampsdrag van 'n swart pak met manel, wit hemp, bef en 'n pluiskeil. Vir Postma was dit bygelowige verering van dinge wat geen waarde het nie.

In 1880 het ds WJ Snyman en ds MPA Coetzee in *De Maandbode* vir 'n ampsgewaad gepleit; dit is meer as net 'n toga. Ds Postma het dadelik hierop gereageer en aangedui dat daar in die Nuwe Testament geen sprake of verwysing is na 'n ampskleed of -drag nie. Hiermee was ds Coetzee nie gediend nie. Hy trek die lyn deur na die nagmaal. Daar is geen voorskrif in die Bybel of Kategismus om dit kwartaalliks te onderhou nie. Dan kan dit ook geld vir die ampskleed.

Vanaf die afskeiding in Nederland en die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was nog die toga, nog 'n ampsgewaad voorgeskryf. Die Gereformeerde Kerk was van die begin gekant teen 'n ampsgewaad. Predikante het wel van 'n manel gebruik gemaak. Foto's in die argief toon so laat as in 1950 dat predikante 'n manel dra. Die sinode van 1942 op Aliwal Noord besluit:

- waar deftigheid in die kleed (toga) ons ampsdraers in die verlede gekenmerk het, dit in die toekoms ook deur kerkrade op kerklike vergaderings gehandhaaf moet word.
- dat manelpakke by die eredienste en swart pakke op kerklike vergaderings gedra behoort te word.

Dit sou eenvormigheid by die kerkraad en diakens aandui. Vandaar dat die kerkraad die 'swart span' genoem is.

Saam met die swart- en manelpak het ook die wit das gekom, wat die aanslag van tyd en mode die langste oorleef het. Geleidelik het die manelpakke verdwyn en gedeeltelik is die swart pakke met donker pakke

en 'n wit das vervang. Later het bruin, groen en blou pakke hulle verskyning gemaak. Net die wit das het as teken van eenvormigheid oorgebly. Selfs in 1982 het dit nog voorgekom en is daar by sommige kerkrade met verdeeldheid van die wit das afgesien.

## Die State Bybel

Die belangrikste boek, meestal die enigste leesstof, van die volksplanters en later van die burgers van Transvaal en die trekkers na Angola, was die State Bybel.

### *Ontstaan*

Die Nederlandse regering, bekend as die State Generaal, het 'n groot rol gespeel in die sameroeping van die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618-19. In die stryd tussen Gereformeerdes en Doopsgesindes, die Remonstrante en Kontra-Remonstrante, het die staat hom genoodsaak gevoel om 'n Nasionale Sinode byeen te roep. By alles wat hierdie Sinode oor die Gereformeerde leer besluit het, het die behoefte aan 'n standaard bybelvertaling uit die oorspronklike tale weer ter sprake gekom. Deur bemiddeling van die State Generaal, wat die finansiering hiervoor gegee het, kon die taak onderneem word; vandaar die naam State Bybel. Vóór hierdie vertaling was daar wel ander uitgawes van die Bybel in Nederlands in gebruik.

### *Die Delftse Bybel*

Hierdie Bybelvertaling is die eerste boek wat in Nederlands gedruk is (1477). Dit was ook die eerste Nederlandse Bybel en sou vir 49 jaar die enigste bly.

### *Die Liesveldt Bybel*

In 1526 het Jacob Liesveldt 'n vertaling in Amsterdam uitgegee. Na sestien jaar verskyn 'n verbeterde uitgawe met kantaantekeninge wat die Reformatoriese eksegese vertoon. Op die titelblad is vyf Bybelfigure: bo in die middel, Moses met die wet; links is Markus met die teks Markus 16:15; onder hom Johannes met 2 Johannes 10; regs is Josua met Josua 1:8 en onder hom Dawid met Psalm 19:9. Hierdie Bybel is nege jaar na Luther se 95 stellings gedruk. Dit was die mees gebruikte Bybel in Nederland in die jare van die Hervorming. Nederland was nog onder Spaanse beheer. Vir die Roomse Kerk was die kantaantekeninge by Kolossense 1:2 'ketters' en Liesveldt word onthoof.

### *Die Emden Bybel*

In 1556 is nog twee Gereformeerde Bybels in Emden uitgegee. Hierdie uitgawes het egter nie die plek van die Liesveldt Bybel ingeneem nie.

### *Die Deux-aes-Bybel*

Die *Deux-aes-Bybel* verskyn in 1561. Na aanleiding van 'n kantaantekening by die Apokriewe boek Ben Sirag het dit die naam 'Uilenspiegel-Bybel' gekry. Hierdie Bybel het, tot en met die verskyning van die State Bybel, egter die mees aanvaarbare en gebruikte Bybel geword en is gebruik by die opstel van die NGB, HK en die DL. In 1625 verskyn 'n hersiene druk onder leiding van prof Sixtus Amana, professor in Hebreeus aan die Universiteit van Franeker. Ingebind by die bybelboeke was ook die Algemene Belydenisskrifte, die berymings van Datheen, Liturgiese formuliere en Apokriewe boeke.

## Kerksangbundels tydens volksplanting

Toe Van Riebeeck na die Kaap gekom het, was daar waarskynlik in elkeen se bagasie 'n psalmboek van Petrus Datheen. Tog is daar 'n stuk geskiedenis voor die Datheen-beryming sy plek gekry het.

### *Die Southerliedere*

Die bundel het in 1540 verskyn. Dit is deur Willem van Zuylen op gewone volkswysies berym en was nie van Calvinistiese of Hervormde oorsprong nie. Omdat hulle op volkswysies gebaseer is het dit die kerkvolk sangbewus gemaak.

### *Die Straatburgse Psalmboek*

Toe Calvyn uit Genève verban is en hy in Straatsburg gaan woon, maak hy kennis met die sang van die Lutherse gemeente. Dit het hom oortuig dat 'n Gereformeerde Psalmboek saamgestel moet word. Hy was bekend met Marot se Psalmboek in Frankryk. Met die hulp van Matthias Greiter stel hulle die Straatsburg Psalmboek saam wat in 1539 verskyn het.

### *Geneefse Psalmboek*

Toe Calvyn in 1541 na Genève kon terugkeer het hy Marot, wat ook na Genève gevlug het, opdrag gegee om dadelik met 'n Psalmberyming te begin. Marot het 49 Psalms berym, waaronder Psalm 33 'Sing vrolik, hef die stem na bowe'. Toe hy uit Genève vertrek het, het Calvyn na 'n lang gesoek by Theodorus Beza aangeklop. Hy was ook 'n vlugteling in Genève. Dit sou Beza 14 jaar neem om die beryming te voltooi. Calvyn is in 1564 oorlede en het dus nie die eindresultaat van sy ideaal gesien nie.

### *Datheenberyming 1566*

Hierdie beryming was 'n verwerking van die Geneefse Psalmboek wat in die Frans Evangeliese Kerke gebruik is. Uiteindelik was dit 'n Nederlandse vertaling van die Franse berymings van Marot en Beza. In 1578 het die Nasionale Sinode van Nederland, wat in Dordrecht vergader het, besluit dat die Psalms van Dawid berym deur Petrus Dathenes in alle christelike samekomste gebruik moet word. Dit was die mees aanvaarbare en gebruikte beryming van die tyd. Saam met die Psalms was ook 'Enige Gezangen' ingesluit: die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon, die Onse Vader, Bedesang vir die preek, Môre- en Aandgesang, Bedesang vir die ete en Dankgesang vir die ete. Die Datheen-beryming het nie net in die erediens 'n belangrike rol vervul nie, maar ook in die skole en by huisgodsdiens.

### *Philips van Marnix beryming*

Veertien jaar na die Datheen-beryming word die Philips van Marnix-beryming bekend gestel. Dit het egter nie dieselfde impak op die lidmate gehad as die Datheen-beryming nie, en het spoedig van die toneel verdwyn.

*Die Nieuwe Rijmpsalmen*

Twee honderd en sewe jaar het verbygegaan waarin die Datheen-beryming gebruik is. Ook Datheen moes uiteindelik plek maak vir 'n nuwe bundel. Op versoek van die Sinodes in Nederland, het die Algemene State in 1762 die inisiatief geneem om 'n verbeterde beryming daar te stel. In 1773 kom 9 predikante en 2 verteenwoordigers van die State van Holland byeen om 'n nuwe Psalmbundel op te stel. Hulle maak gebruik van drie werke, naamlik die van Johannes Eusebius Voet, die 'Deo Salus populo' (God se eer is heil vir die volke) en die beryming van Hendrik Ghysen. Op 1 Januarie 1775 word die 'Rijmpsalmen' op las van die State Generaal in die eredienste ingevoer. Dit word ook in die skole die gebruiklike. Omdat die melodie nie verander het nie en slegs sommige van die woorde, word dit vinnig aangeleer. Dit word die Psalmboek vir algemene gebruik en het ook uiteindelik sy pad gevind tot in die Kaap.

Hierdie 'Rijmpsalmen' het in 1838 saam met die State Bybel die binneland ingetrek en was die beryming wat gebruik is met die stigting van die Gereformeerde Kerk in Transvaal. Dit het tot 1937 (164 jaar lank) in gebruik gebly. In 1937 word die Berymde Psalms in Afrikaans deur die Gereformeerde Kerk in gebruik geneem. Totius was die digter-berymer. Alhoewel dit spoedig by die kerkvolk in die land inslag vind, het die NG Kerk en die Hervormde Kerk dit eers sewe jaar later amptelik in gebruik geneem.

## Godsdiens in die Kasteel

Predikante vir die VOC se buitelandse uitbreiding was moeilik bekombaar en duur. Hulle was betaalde amptenare van die Kompanjie. Die hoeveelheid mense in die Kaap het dit ook nie geregverdig nie. Daarom is van goedkoper sieketroosters gebruik gemaak; soms met skrale teologiese toerusting, maar hulle het die fakkel van die Evangelie brandend gehou op hierdie veraf plekke. Hulle is deur die Klassis van die Gereformeerde Kerk Amsterdam uitgestuur. Hulle moes 'reguleren' volgens Klassis-voorskrifte, maar was ook streng aan die 'instructie' van die Here XVII gebind. Die sieketrooster moes toesien dat oggend- en aandgebede met behoorlike aandag gehoor en deur almal bygewoon word. Tydens die dienste op Sondae het hulle die sang en gebede gelei en 'n preek voorgelees. Hulle mag geen eie preek maak nie. Willem Wyland, die eerste sieketrooster, word vriendelik vermaan om sy oë meer op die preekboek te hou, anders lyk dit of hy sy eie preek lewer. Na die preek het die kinders hulle Kategismusvrae se antwoorde opgesê met 'n teksvers daarby.

Van Riebeeck was daarvan oortuig dat die seën van bo afgekeer word as hulle hiervan afwyk. As iemand versuim om die oefeninge by te woon, word agt dae se wynrantsoen verbeur. Sou daar 'n tweede oortreding wees word 'n maand se soldy teruggehou. 'n Derde oortreding kan 'n jaar se arbeid in kettings meebring. Die streng reëls klink soos Calvyn Genève bestuur het.

Willem Wyland, die sieketrooster, wou graag namiddagdienste invoer, maar Van Riebeeck was daarteen gekant. Hy redeneer dat almal baie hard werk. Sondag is 'n rusdag waarop daar tyd vir visvang en kuier moet wees. Die staat bepaal die kerkorde. Op die eerste Sondag na Van Riebeeck se landing was almal so besig met aflaai, dat daar geen kans vir 'n erediens was nie. Die volgende Sondag was daar 'Christlycke oeffeninge.'

Slegs wanneer 'n dominee by die Kaap verbygekom het, is daar nagmaal gevier en babas gedoop en het jonges belydenis afgelê. Vier maande na die landing word die eerste kind in die Kaap gebore, die seun van sieketrooster Wyland.

## 'Goedvoors'

Na die Eerste Vryheidsoorlog was die twee republieke, Oranje Rivier Kolonie en die ZAR erg verarm. Banknote was van min waarde. Munte het nog waarde gehad maar was baie skaars. Traktement het in die dae sy naam gestand gedoen en het versorging en voorsiening ingehou. Die een gesin het vir die dominee 'n karmenaadjie vleis gegee, die ander 'n sak aartappels of koring, 'n ander bring uit die jagveld vleis of biltong en 'n volgende gee stroppe, swepe of rieme om by die handelaar vir ander noodsaaklikhede te verruil.

Hierdie omstandighede het ook sy invloed op die kerkkollektes gehad. Sondae was daar vele ronde papiertjies in die kollektesak. Dit was bekend as 'goedvoors'. Dit is deur die kerk uitgegee, geteken deur die diakenkassier. Daar was 3pennies = 2½ sent en 6 pennies 5 sent. So kon elkeen Sondag sy kerkgeldjie ingooi, al was dit net 'n stukkie papier. Hierdie 'goedvoors' is dan vir harde kontant omgeruil. Menigmaal was die reëling met die kerkraad dat die harde geld wat in die sakkies kom aan die dominee gegee word as deel van sy traktement. Hierdie 'goedvoors' was algemeen in gebruik – in 1820 in die Oos-Kaap, in 1860 in Natal en ook in die OVS.

Gemeentes het nie die luukse gehad dat die dominee elke Sondag op die preekstoel staan nie. Elke gemeente het uitgestrekte plaaswyke gehad wat dae en selfs weke geneem het om te besoek; soms het vrou en kinders met die ossewa saamgegaan, anders te perd. Menigmaal moes die dominee in die veld oornag. Ds Biewenga van Angola het in sy bedieningstyd etlike duisend kilometers gestap. Op die plaas was geen elektrisiteit soos in die dorpe nie. So is daar saans by 'n rokende vetkers godsdiens gehou. Dan is die nodige 'goedvoors' vir die dominee gegee om by die maand se kollektes gereken te word.

**M Diedericks,** Pretoria

# Persskou

## Roepingloos

'In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood' ... verdien? Nee! Kyk weer: 'In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet'. Die mens kan nie sy brood verdien nie. God gee brood. Die mens eet omdat God dit uit sy Vaderhand aan ons gee. Hoekom moet ek dan werk?

Dr EJG Norval skryf in sy proefskrif dat arbeid deur so baie mense gesien word as 'n vloek as gevolg van die sondeval. 'Hierdie standpunt moet ons sommer onmiddellik die nek omdraai.' As 'n mens Genesis 2:2 mooi lees en reg verstaan, sien ons dat God, nadat Hy die mens geskape het, sekere opdragte gegee het – nog voor die sondeval. Hulle moet onder andere die aarde onderwerp en hulle moet oor al die verskillende diersoorte wat God geskape het, heers. Om die aarde te onderwerp en oor die diere te heers, is beslis arbeid. Dit is arbeid wat God die mens opgelê het. Die mens moet dus werk, maar nie vir kos nie. Die mens moet werk om sy Godgegewe roeping te vervul. Die mens wat nie wil werk nie, is nie net 'n lui persoon nie. Erger, hy wil nie God se ewige krag in sy werke leer ken nie.

As gevolg van die sondeval gaan die dorings ons steek. Werksomstandighede gaan moeilik wees; die mens gaan moeg word; personeel gaan op mekaar se tone trap.

'Vir talle mense het hulle arbeid slegs 'n noodsaaklike en vermoeiende sleurgang geword. Vir baie is dit alleen 'n drukkende en byna ondraagbare juk. Oneindig is die bekommernisse en legio die beslommernisse.'

Min mense sien arbeid werklik as 'n roeping, maar meer as 'n middel tot 'n doel: geld. Die mens kry nie die opdrag van God om geld te maak nie, maar alleenlik om die roeping wat God gee, uit te voer. Hoekom moet ek so hard werk soos die mier? Want ek wil God se ewige krag in sy werke aanskou.

## 'Ontdoping'

Jy kan nou jou doop ongedaan maak deur jouself te laat 'ontdoop'! Volgens die Britse *National Secular Society* het meer as 100 000 mense hulself in die laaste vyf jaar formeel laat ontdoop. Die vereniging gee aanwysings hoe jy jouself en ook ander kan ontdoop. Daarmee saam kan jy 'n sertifikaat van die internet aflaai wat amptelik bevestig dat jy ontdoop is. 'n 'Google'-soektog (op die internet) van die woord 'debaptize' het binne oomblikke meer as 16 000 resultate opgelewer. Onder die soektog is videomateriaal waar mense onder deur 'n blasende haardroër stap om hulself te ontdoop. In *Die Kerkblad* van Junie 2009 besin ds DF Muller oor die vraag hoekom iemand homself sal laat ontdoop.

Die persone wat hulself laat ontdoop is meestal mense wat tydens hul jeug gedoop is. 'Ek aanvaar dat dit vir baie mense eintlik 'n groot grap is, veral die wat geen benul het waarvan die doop 'n teken en 'n seël is nie'. Daar is egter ook mense vir wie dit 'n baie ernstige saak is – oortuigde ateïste en sekulariste; mense vir wie dit 'n skande is om gedoop te wees. Hulle wil niks met die kerk te doen hê nie en is self vyandig teenoor die kerk. Een ateïs skryf op die webblad van *National Secular Society:* 'I was baptized at a very tender age and this was without my conscious agreement. At the age of 15 I was confirmed into the Church of England because I was under intolerable pressure from my peers, my teachers (at a Church of England school) and the local vicar. As a committed atheist I strongly regret both ceremonies. I believe that I was brainwashed at an early age and I am grateful that I saw sense before the age of twenty. I now believe that religion in all its forms is the curse of mankind and is responsible for untold suffering in the world'. Duidelik verstaan die ateïs nie veel van die Here se verbond nie. Dit is egter tekenend van die hedendaagse sekulasrisme waarin mense leef asof hulle baie goed sonder God en sy instellings kan klaarkom.

Tog is hierdie nie so 'n unieke gebeurtenis nie. Ds Muller toon aan dat daar alreeds tydens die Reformasie pogings was om die kinderdoop af te skaf. 'In daardie tyd is ook duisende kinders in die Roomse Kerk gedoop, sonder dat iemand werklik verantwoordelikheid geneem het om hulle die evangelie te leer'. Dus ontstaan daar duisende onkundige naam-christene. Gevolglik het in Zürich die Anabaptiste ontstaan wat die kinderdoop wou afskaf en wou hê dat die mens eers gedoop moes word nadat jy tot bekering gekom het – met ander woorde ook eers as jy self sou besluit.

Vandag sit ons met dieselfde probleem. Daar is baie naam-christene wat ook as kind gedoop is, maar nie werklik die evangelie geleer word nie. Gevolglik kry ons vandag die herdopers. Hulle glo dat die eerste doop geen betekenis gehad het nie. Die tweede doop of herdoop is die werklike doop.

Die Anabaptiste het die probleem reg gesien: Dit is verkeerd om kinders te doop as niemand die verantwoordelikheid aanvaar om die kinders in die verbond te onderrig nie (sonder verbondsonderrig gebeur wat met die bogenoemde ateïs gebeur het). Die oplossing is egter nie om die kinderdoop af te skaf nie, maar dat ouers of iemand anders hul onderrig-verantwoordelikheid sal nakom. Die 'ontdopers' bevestig wat kan gebeur indien 'n ouer nie sy doopbelofte nakom nie. In Suid-Afrika raak die probleem tans net erger. Duisende kinders word gedoop, maar ontvang daarna slegs dertig minute per week katkisasie, indien hul gelukkig is. Ouers dink die woord 'onderrig' by die doop beteken dertig minute katkisasie per week en die woorde 'laat onderrig' beteken om my kind die res van die week (vyf en twintig uur) in die skool te laat sit om te leer tel en te hoor van die 'Big Bang'.

## Sien die toekoms

Ons kan nou die toekoms sien! Dit is nie so moeilik nie. Jaco Visser verduidelik in *Beeld* van Saterdag 1 Augustus 2009 hoe ons nou, deur ekonomiese data te gebruik, die toekoms kan sien. Hy sê dat die mens wil weet wat in die toekoms gaan gebeur. 'Onsekerheid is nie 'n konsep wat groot aanklank by mense vind nie'.

Die toekoms kan nou gesien word deur net die 'aanwysers' in die ekonomie te volg. Die aanwysers is byvoorbeeld die tydreekse in die ekonomie. 'As die samevallende aanwyser byvoorbeeld vandeesmaand daal, nadat dit 'n paar maande geklim het, is daar 'n groot moontlikheid dat die ekonomiese siklus nou gedraai het'. Daarom sê Visser: 'Vergeet van sterre wat voorspel! Die ekonomie voorspel!'

Kan die ekonomie werklik ons onsekerheid wegneem? Almal moet beplan en ook hul geldsake goed bestuur, maar gaan die ekonomie ons werklik enige sekerheid gee? Hierdie berig wys duidelik hoe die samelewing hul sekerheid aan die ekonomie koppel. As ek met die ekonomie in die toekoms in kan sien dat ek genoeg geld gaan hê, is ek gelukkig, maar as die ekonomie sê: 'die toekoms lyk beroerd', dan is ek ongelukkig en bekommerd.

Bereken die ekonomie God se voorsienige Vaderhand? Hoekom bepaal die ekonomie ons sekerheid? As gelowiges weet ons wat die toekoms vir ons inhou. God gaan voorsien, ons kan maar rustig slaap. Ons toekoms is in sy veilige Vadersorg.

## Kerk en Godsdiens in die spervuur

Ons kerke loop leeg! Met die klem op 'ons'. Prof JL van der Walt skryf in *Die Kerkblad* van Junie 2009 wat 'ons' moet doen om die kerk te red, maar hy sê: 'Daar is nie 'n eenvoudige kuur vir hierdie probleem nie'.

### *Sy eie siening (soos hy dit noem)*

'Elke kerk moet sy eie omstandighede ondersoek en vasstel waarom hy besig is om weg te kwyn'. Daar moet vasgestel word watter van die vernuwingsopsies vir die betrokke kerk en die oorgrote meerderheid van sy lidmate aanvaarbaar gaan wees, maar onthou die kerk kan ook nie alle lidmate van alle tye gelukkig hou nie. Elke kerk moet 'sekere strategiese besluite' oor struktuur en funksie neem. Sodoende sal die kerk sekere mense verloor, maar ook darem mense uit ander kerke trek. Die kerk moet vashou aan die vyf solas, maar die belydenisskrifte sal moet hersien en vereenvoudig word; die meeste mense weet byvoorbeeld nie wie die Anabaptiste is nie. Eredienste moet meer spontaan verloop, met die klem op sang en gebed. Die kerk moet eerder lidmate help om hulself 'oop te maak' vir vervulling deur die Gees.

### *'n Ander siening*

Die Heidelbergse Kategismus vra in Sondag 38: 'Wat gebied God in die vierde gebod?' Antwoord: 'God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word'. Die Heidelbergse Kategismus in die 2003-Psalmboek het die woord 'skole' foutiewelik, sonder enige opgaaf van redes of verklarings, met 'godsdiensonderrig' vervang. Is dit nie dalk die kopskuif wat die kerke al begin maak het nie: dat die katkisasie godsdiensonderrig is, maar dat die skole op hulle eie is? Laat Christus net sy kinders leer en moet hulle nie vir heidene gee om te leer nie. Soos Prof Van der Walt tereg sê: 'Christus het beloof dat Hy sy kerk sal bewaar'.

## Hare waai oor skole-godsdiens

In 'n artikel in *Rapport* van 19 September 2009 skryf Rothea Kleynhans dat godsdiens in skole gestop moet word en sy pleit dat: 'Bybelboere moet vrede maak met die beginsels van 'n oop, demokratiese gemeenskap'. In dieselfde *Rapport* is 'n ander artikel wat meld dat prof George Claassen, voorsitter van die organisasie Skepties Suid-Afrika, formeel begin het om skole te monitor ten einde die wat Bybellees en gebed in klastye toelaat moontlik strafregtelik te laat vervolg.

Volgens Claassen sou daar verlede jaar by die Laerskool Stellenbosch 'n Jesusweek plaasgevind het, waartydens kinders geel strikkies kon dra indien hulle gelowiges was. Die week is gekanselleer. Daar was te veel klagtes, omdat dit 'n openlike oortreding van die nasionale beleid oor godsdiens in die staatskole is.

Hierdie artikels het hewige debatte ontlok en almal se tonge losgemaak. Nadat 'n mens die artikels gelees het, word jy rooi van woede, want hoe durf hulle nou die 'gelowiges' se sousie-godsdiens uit die staatskole haal? Dit is al van oupa se dae af 'n 'tradisie' dat daar met Skriflesing en gebed geopen word. Dit is nog iets mooi in die staatskool wat behou moet word: die gelowiges het nou alreeds hulle kurrikulum aan die sekularisasie prysgegee, ter wille van vrede, gun die staatskool se gelowiges net ten minste nog hulle minuut stil word voor hul god!

Dit is waaroor die debat tans gaan: of daar nog met Skriflesing en gebed geopen mag word. Moet die debat nie eerder gaan oor of daar ruimte vir christelike skole is nie? Met christelike skool word bedoel: opening met Skriflesing en gebed, onderwysers wat kinders onderrig vanuit die Bybel en 'n christelike kurrikulum.

## Boeke uitgegee deur BOEKENHOUT

INGWERSEN, G: Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Skrifgetroue vertellings, geskik vir skool en huis.
Harde band, 793 bl., R298 + R15 posgeld.

LINDHOUT, dr A: Verassing in die lig van die Bybel. Toon duidelik en Skriftuurlik aan dat verassing teen God se wil is.
31 bl., literatuuropgawe, R40 + R5 posgeld.

VISSER, dr J: Die Kerkorde in praktyk. 'n Duidelike handleiding vir ampsdraers en gemeentelede. 385 bl., R195 + R10 posgeld.

NIEUWENHUIS, E (samesteller): Die Heidelbergse Kategismus met volledige tekste. 'n Baie bruikbare boek by die bestudering van die HK. 179 bl., R75 + R5 posgeld.

BOGAARDS, dr A: Galasiërs - Jesus Christus alleen. 'n Teks-vir-teks verklaring. 142 bl., R75 + R5 posgeld.

FLOOR, L: Uit die skatkamer van die Koninkryk. 31 Preke oor tekste uit die Ou en die Nuwe Testament. 163 bl., R75 + R5 posgeld.

Bestel by:

**BOEKENHOUT**
Posbus 31120
Totiusdal 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley
Tel: 012 332 3227/8
Faks: 012 332 3266
Sel: 082 333 6817
E-pos: boekenhout@aros.ac.za

**FOLMER BOEKHANDEL**
FOLMER BOEKHANDEL (Pretoria)
(Irene van der Meer)

Posbus 26489
0031 Gesina
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: 012 333 8064
e-pos: folmerpta@telkomsa.net



**VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Redaksie: Waarheid en Dwaling*
Dr ALA Buys
Ds C Jooste
Dr HS van der Walt
Mej MS van Zyl
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
e-pos: msvanzyl@gmail.com
Webbladsy: http://www.vglonline.net
www.vgl.co.za

*Administrasie-adres:*
Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 19:00)
e-pos: jdirkdas@magalies.net

*Intekengeld:*
R150 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031


# VGL Byeenkoms

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om DV Saterdagoggend 21 Augustus 2010 vanaf 08:00-13:00 'n byeenkoms oor die verstaan van die Bybel te hou. U word hartlik daarheen uitgenooi.

**Tema**

Verstaan ek wat jy lees

**Sprekers**

prof GJC Jordaan
*'Die Gees sal julle in die volle waarheid lei': Wat beteken dit vandag?*
dr JH Howell
*Kerkeenheid en binding aan die Skrif*

**Plek**

Gereformeerde Kerk Die Kandelaar,
h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

**Registrasie**

Om onkoste te delg word 'n registrasiefooi van R30,00 per persoon gehef. U word vriendelik versoek om voor 18 Augustus 2010 vir die byeenkoms te bespreek sodat die nodige reëlings vir die voorsiening van verversings getref kan word.

**Kontakpersoon**

Mev Joke de Wind – tel. 012 332 4676
(e-pos: jokedewind@gmail.com)

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL